

Thomas@rock-ster.net: 'n gids

G.M. Jansen van Rensburg

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoud

	Bladsy
1. Hoe om die gids te gebruik	3
2. Ontmoet die skrywer	5
3. Titel, omslag en flapteks	6
4. Vrae en opsommings oor elke hoofstuk	9
5. Ruimte en tyd	33
6. Vertelperspektief	34
7. Intrige	36
8. Karakterisering	37
9. Temas, motiewe en simbole	40
10. Taalgebruik	42
11. Opsomming	43
12. Voorgestelde antwoorde	45
13. Resensie van <i>thomas@rock-ster.net</i>	65
14. Praat- en skryfaktiwiteite	66

1. Hoe om die gids te gebruik

Die doel van hierdie gids is om 'n praktiese hulpmiddel te wees met die lees en behandel van *thomas@rock-ster.net*. Die leeruitkomstes en assesseringstandaarde word gedek en geoefen sonder om die leerders toe te gooi onder vrae.

In dié gids is daar aktiwiteite wat in drie fases verdeel kan word: inleidende aktiwiteite, aktiwiteite tydens die lees, en aktiwiteite nadat die boek klaar gelees is. Die teorie, vrae en aktiwiteite is in die gids in die volgorde gerangskik soos wat dit gebruik behoort te word:

Inleidende aktiwiteite

Ontmoet die skrywer: Hierdie bladsy kan vergroot word en in die klas opgeplak word. Die opvoeder kan die inhoud vir die klas voorlees en 'n bespreking hou oor moontlike voorkennis wat die leerders reeds oor die skrywer het.

Titel, omslag en flapteks: Voordat die boek in die klas gelees word, kan hierdie gedeelte eers as inleiding gedoen word. Daar is teorie wat vir die leerders afgedruk kan word of die opvoeder kan dit voorlees. Daar is vrae oor die titel, omslag en flapteks wat skriftelik of mondelings gedoen kan word.

Tydens die lees

Vrae en opsommings oor elke hoofstuk: Die hoofstukke kan drie op 'n slag gelees word en dan kan die vrae oor daardie drie hoofstukke daarna beantwoord word. Die vrae word skriftelik beantwoord, maar die opvoeder kan self besluit of die leerders dit as huiswerk, in groepe van twee of in die klas beantwoord. Wissel die manier van beantwoording af. Die voorgestelde antwoorde oor al die vrae is agter in die gids. Die vrae waar leerders hul eie opinie oor 'n saak moet gee, kan vir kort klasbesprekings gebruik word.

Nadat die boek klaar gelees is

Nadat die boek klaar gelees is, is daar verdere teorie en vrae oor die volgende aspekte wat gedoen kan word: ruimte en tyd, vertelperspektief, intrige, karakterisering, temas, motiewe, simbole en

taalgebruik. Hierdie gedeelte vereis 'n algehele perspektief op die boek en is effens moeiliker. Dit is goeie voorbereiding vir die VOO-fase. Daar is teoretiese besprekings en vrae wat mondelings of skriftelik gedoen kan word. Aan die einde van die gids is 'n afdeling met praat- en skryfaktiwiteite. Die opvoeder kan self besluit watter van die ses take as deel van die assesseringsprogram gedoen word.

2. Ontmoet die skrywer

Carina Diedericks-Hugo is op 11 Maart 1977 in Johannesburg gebore. Sy is die jongste van drie kinders en het twee ouer broers. Later het hulle Pretoria toe getrek, waar hulle vier jaar gebly het. “Dit was die wonderlikste jare ooit en ek hou steeds vol dat Pretoria ’n great plek is om in groot te word,” sê Carina. “Ek onthou Pretoria veral as die plek waar ek regtig ernstig begin lees het.”

Sy was van jongs af ’n ywerige leser. “My gunstelingboeke was die Swart Kat-reeks van Chris Sassner. (Ander gunsteling was die Maasdorp-reeks en Nancy Drew.) Ek het ’n Swart Kat-uniform gehad en met my BMX deur die strate gery en avontuur gesoek (wat ek natuurlik nie gekry het nie) en het toe maar bly lees en begin perdry.”

Aan die begin van graad ses trek die gesin Kaapstad toe. Aanvanklik was sy nie baie gelukkig nie. “Ek was in die Laerskool Groote Schuur waar almal gedink het ek is vreemd omdat ek praat van ‘my mô en my pô’. Ek was wel baie bly dat ons so naby aan die see was en ek baie meer perd kon ry as in Pretoria.”

Carina se hoërskoolloopbaan bring sy deur by Herschel School (’n private meisieskool in Claremont). Sy was mal oor waterpolo en is in graad elf gekies as uitruilstudent na Amerika waar sy skoolgegaan het by Brooks School naby Boston. Sy en die meisie wat saam met haar was, het daarna vir ses weke deur Amerika getoer en uiteindelik ’n lang ruk in New York gebly.

Ná skool is sy na die Universiteit van Stellenbosch waar sy die grade BA (Internasionale Studies), Afrikaans en Nederlands Honneurs cum laude en MPhil (Joernalistiek) gekry het.

Ander boeke in dié reeks sluit in: *thomas@moord.net*, *thomas@skerpioen.net*, *thomas@aqua.net*, *thomas@sms.net*, *thomas@nagmerrie.net*, *thomas@aksie.net* en *thomas@geraamte.net*. Ander boeke van die skrywer is: *Operasie M.I.A.A.U*, *Koning Henry*, *Die verdrinking van Josua van Eden*, *Oogkontak* en *Permanente ink*.

Carina Diedericks-Hugo het ook al verskeie ATKV-Kinderboekpryse vir haar Thomas-boeke gewen.

3. Titel, omslag en flapteks

Titel

Die titel van 'n boek is baie belangrik. Buiten vir die omslag, is die titel die eerste ding wat 'n leser raaksien; dus moet dit hom aantrek. As die titel vaal en verbeeldingloos is, gaan die leser nie sommer die boek wil lees nie.

Die titel is ook die eerste aanduiding waarom 'n boek gaan. Dit gee die eerste vae idee van die inhoud van die boek. In *thomas@rock-ster.net* weet die leser reeds, nadat hy die titel gelees het, dat rock-sterre en bands 'n rol in die storie gaan speel. Dit is ook die grootste saambindende faktor tussen Thomas en sy maats.

Partykeer is die titel egter aspris misleidend, maar dit vorm weer deel van 'n spel wat die outeur met die leser speel. 'n Misleidende titel toets juis die leser se reaksie op die titel en die inhoud van die boek. Wanneer 'n titel misleidend is, bou dit ook spanning by die leser op oor die inhoud van die boek.

Die titel dui ook die genre van die boek aan. Die leser weet dadelik dat hierdie nog 'n boek in die Thomas-reeks is. Hierdie voorafkennis oor die boek veroorsaak dat die leser 'n paar verwagtinge het waaraan die boek moet voldoen, soos byvoorbeeld dat Thomas die protagonis moet wees en dat hy en sy vriende bepaalde avonture moet beleef.

Omslag

Net soos die titel, trek die omslag die leser na 'n boek aan. As die omslag interessant en kleurvol is, sal dit die leser se aandag trek en sy nuuskierigheid oor die inhoud van die boek prikkel.

Die omslag van 'n boek word gewoonlik nie deur die outeur gekies nie, maar deur die uitgewer wat die boek bemark. Die titel van die boek, die outeur se naam en 'n gepaste prent of foto verskyn gewoonlik op die omslag van 'n boek.

Op die omslag van *thomas@rock-ster.net* is 'n foto van Thomas. Op die donker agtergrond is 'n kitaar en nog verder na agter is 'n donker hart sigbaar.

Flapteks

Die flapteks van 'n boek is 'n kort opsomming van die inhoud van die boek. Die flapteks moet so geskryf word dat dit die leser nuuskierig maak oor die storie, sodat hy die boek sal wil lees.

Die flapteks skakel met die omslag van 'n boek. In *thomas@rock-ster.net* weet die leser, nadat hy die flapteks gelees het, dat Thomas se maats 'n band, die Hectic Hamburgers, begin het, wat aan 'n groot rockfees gaan deelneem. Die probleem is dat hulle hom niks daarvan gesê het nie. Dit, tesame met die feit dat Thomas in groot moeilikheid by die skool beland en koppe stamp met twee van die skool se grootste losers, laat die lewe vir Thomas suig. Wanneer Alex en Hannes dan nog skynbaar vreeslik in mekaar begin belangstel, sien Thomas geen lig meer nie. Kan dit slegter met hom gaan? Die flapteks berei die leser wel daarop voor as hy verneem dat daar iets gaan gebeur wat Thomas se aanvanklike probleme na kinderspeletjies laat lyk.

Die flapteks, net soos die titel, berei die leser ook daarop voor dat tegnologie beslis 'n rol gaan speel. Die leser word self ook in Thomas se wêreld betrek met QR-kodes, 'n spesiale Mxit-kanaal, die Radikale Rockfees se webblad en 'n rekenaarspeletjie. Voorwaar iets om na uit te sien vir tegnologie-aanhangers!

Vrae oor die titel, omslag en flapteks

1. Dink julle die titel is gepas vir die boek?
2. Wat is die funksie van die titel in die boek?
3. *thomas@rock-ster.net* is deel van 'n hele reeks boeke wat handel oor Thomas en sy maats. Het een van julle al die ander boeke gelees? Kan julle die titels onthou? Wat is dieselfde aan *thomas@rock-ster.net* se titel en die ander boeke in die reeks?
4. Maak *thomas@rock-ster.net* se voorblad julle lus om die boek te lees? Hoekom sê julle so?
5. Stem die voorblad van *thomas@rock-ster.net* ooreen met die ander boeke in die reeks? Noem 'n paar van die ooreenkomste en verskille.
6. Hou julle daarvan dat die foto van Thomas op die voorblad afgedruk is of nie? Verduidelik.
7. Sonder om die verhaal te lees, dink julle die titel en die

omslag van die boek pas bymekaar of nie? Hoekom sê julle so?

8. As julle die voorblad van die boek kon ontwerp, wat sou julle anders gedoen het? Hoekom?

9. Dink julle die flapteks gee te veel van die boek weg? Verduidelik.

4. Vrae en opsommings oor elke hoofstuk

Hoofstuk 1 (bl. 5-12)

Thomas kuier by sy vriend Hannes, wie se been nog in gips is nadat hy dit tydens 'n rugbytoer in Namibië gebreek het. Thomas dink Hannes gaan weer deur een van sy mal fases, want hy probeer sing en hou 'n blinkswart elektriese kitaar vas. Hy het die kitaar by sy nefie Samuel geleen. Hannes is oortuig daarvan dat hy 'n rock-ster gaan word, maar Thomas dink sy vriend maak net “onaardse geluide”. Carla, Hannes se ouer suster, dink ook haar broer tree vreemd op, maar skryf dit toe aan die baie tyd wat hy saam met Samuel deurgebring het. Samuel het 'n band en gig gereeld op Stellenbosch. Hannes vertel dat dit nie sommer net 'n nuwe stokperdjie is nie, maar dat hy reeds in 'n band is saam met hulle ander vriende, Thabo en Lukas. Thomas is geskok om te hoor dat Thabo die band al meer as 'n maand gelede begin het en niemand het hom daarvan vertel nie. Hannes sê hulle het stilgebly, want hulle doel is om meisies met die band te lok, en Thomas het reeds 'n oulike meisie, Alex. Hulle beplan om aan die Radikale Rockfees vir beginners deel te neem, al kan hulle nog nie sing of instrumente bespeel nie. Die Wes-Kaapse ronde gaan binnekort by hulle skool gehou word. Thomas voel skielik asof hy nie meer deel van die vriendekring is nie, groet en gaan huis toe.

- 1.1 Hannes het sy eie liedjie geskryf. Wie se musiek het hy daarvoor gebruik?
- 1.2 Watter voordeel, sê Hannes, het sy gebreekte been vir hom ingehou?
- 1.3 Dink Thomas dat Hannes talent het om 'n rock-ster te word? Motiveer jou antwoord deur twee redes te noem.
- 1.4 Hoekom het Hannes voorlopig net 'n kitaar geleen?
- 1.5 Hannes se nefie het hom geïnspireer om in 'n band te wees, maar daar is nog 'n ander rede. Kies die korrekte antwoord.
 - 1.5.1 Hy het ernstige talent daarvoor.
 - 1.5.2 Die “universe” het hom laat weet om sy talent te ontgin.
 - 1.5.3 Dit is sy roeping.
 - 1.5.4 Bands is “chick-magnete.”

- 1.6 Wie se idee was die band oorspronklik?
- 1.7 Wat is die band se naam?
- 1.8 Verduidelik Hannes se rede waarom hulle Thomas niks van die band vertel het nie.
- 1.9 Haal 'n gedeelte van 'n sin op bl. 12 aan wat daarop dui dat Thomas uitgesluit voel.
- 1.10 Hannes se pa is in 'n rolstoel. Hoe beïnvloed dit sy verhouding met sy seun?

Hoofstuk 2 (bl. 13-20)

Thomas is trots daarop om vir Alex iets nuuts oor selfone te leer. Alex bieg dat sy nie weet wat 'n QR-kode is nie en ook nie weet hoe om 'n kodeleserprogram af te laai nie. Hannes kom sukkel-sukkel nader en kondig aan dat sy gips oor 'n week gaan afkom. As Alex hom dan 'n drukkie uit blydskap gee, ruk Thomas haar weg. Alex verdedig haar optrede en berispe Thomas omdat hy gedurig sê Hannes doen simpel dinge, soos om in 'n band te wees. Sy gee ook haar weergawe van hoekom hulle Thomas niks van die band vertel het nie. Die skoolklok lui en Thomas sien dat sy skooltas omgeskop is. Hy vervies hom en skop sonder om te dink 'n leë koeldrankblikkie wat daar naby lê. Ongelukkig tref die blikkie die hoof, meneer Volschenk, tussen die oë. Die hele skool luister geskok hoe Thomas beveel word om kantoor toe te gaan. Die hoof is so woedend dat hy nie na Thomas se verduidelikings wil luister nie, en beskuldig Thomas daarvan dat hy geen respek vir sy meerderes het nie. Volgens die hoof is Thomas 'n moeilikheidmaker. Thomas se straf is om alleen oor naweke die skoolsaal en aangrensende vertrekke te verf. Piet Senekal, 'n seun in Thomas se klas, se pa het die verf geskenk. Deur dié skenking en Thomas se gratis arbeid, spaar die skool baie geld. Thomas dink sy straf is onregverdig en wens hy het eerder 'n reuse rots in plaas van 'n blikkie na die hoof geskop.

- 2.1 “Thomas glimlag. Dit moet 'n eerste wees! Hy het vir Alex iets geleer.” (bl.14) Wat het Thomas vir Alex geleer?
- 2.2 “Die dokter het gesê die gips kan volgende week afkom!” sê Hannes.
 - 2.2.1 Hoe wys Alex haar blydskap oor die goeie nuus?

- 2.2.2 Hoe reageer Thomas daarop?
- 2.2.3 Hoe regverdig Alex haar optrede?
- 2.2.4 Thomas sê dat Hannes en sy simpel band hom 'n pyn gee. Hoe verdedig Alex vir Hannes?
- 2.3 Thomas is nog steeds kwaad oor almal die band geheim gehou het. Watter rede gee Alex vir die geheimhouding?
- 2.4 “Jy is altyd in die kollig” beteken: Thomas kry ...
 - 2.4.1 soms aandag.
 - 2.4.2 min aandag
 - 2.4.3 baie aandag.
 - 2.4.4 af en toe aandag.
- 2.5 “Die blikkie seil deur die lug. Skielik verander Thomas se wêreld in 'n stadige-aksie-rolprent. Hy sien hoe die blikkie tol en tol. Hy sien die rigting waarin die blikkie beweeg.” (bl. 17)
 - 2.5.1 Waarom skop Thomas die blikkie?
 - 2.5.2 Vir wie tref die blikkie tussen die oë?
 - 2.5.3 Wat is die leerders se reaksie hierop?
 - 2.5.4 Watter straf kry Thomas?
- 2.6 Waarom skors die hoof nie vir Thomas nie?

Hoofstuk 3 (bl. 21-24)

Thomas is tuis by sy gesin: sy pa, Johan; sy stiefma, Louisa; en sy sussie, Lara. Hy dink die lewe suig en verwens die Marais-tweeling wat sy tas omgestamp en daarop getrap het. Hulle het die kettingreaksie begin wat hom in die kantoor laat beland het. Thomas se pa en Louisa sien dat hy omgekrap is en vra wat verkeerd is. Thomas vertel van die blikkie-episode, sy straf en sy dom vriende wat 'n band sonder hom begin het. Louisa wys Thomas op die positiewe dinge in sy lewe, maar Thomas dink dit help niks, want hy kan nie soos Hannes in 'n band speel nie. Net soos Alex, sê sy pa en Louisa dat hy Hannes ook 'n kans moet gee om iets te doen waarvan hy hou en wat hom ook 'n slag in die kollig sal plaas. Thomas dink hulle tree vir Hannes in die bres uit jammerte omdat hy by was toe sy pa 'n paar jaar gelede in 'n mislukte kaping geskiet is, en nou in 'n rolstoel is. Thomas dink egter steeds dat Hannes, wat veronderstel is om sy beste vriend te wees, hom van die begin af van die band moes vertel het.

- 3.1 “Thomas sug. Flippit. Die lewe suig.” (bl. 21) Noem drie redes waarom Thomas so dink.
- 3.2 Hoe weet ons dat Thomas se pa die blikkie-episode snaaks vind?
- 3.3 Watter positiewe kwaliteite sien Louisa in Thomas se lewe?
 - 3.4.1 Watter raad gee Louisa vir Thomas aangaande Hannes?
 - 3.4.2 Wie het reeds soortgelyke raad vir Thomas gegee?
- 3.5 Stem Thomas se pa saam met Louisa? Watter kommentaar lewer hy?

Hoofstuk 4 (bl. 25-31)

Thomas lê op sy bed en dink aan sy vriende wat nou saam oefen, terwyl hy rekenaarspeletjies speel of sy nefie in Johannesburg MXit. Sy nefie Simon is ’n oulike ou, maar sy ma vertrou hom nie en kyk gedurig wat hy op MXit, Twitter en Facebook doen. Thomas is gelukkig, want sy pa en Louisa gun hom sy privaatheid. Thabo Mnyani, die buurseun en Thomas se vriend, bring vir hom ’n nuwe rekenaarspeletjie, *Fangs*. Die geskenk is om te vergoed vir die band se stilswye. Thomas, wat dikwels wens hy gaan saam met Thabo na die private skool, Cape Boys, vertel vir sy vriend wat met hom by die skool gebeur het. Hy vertel ook van sy nefie Simon wat ’n pragtige nuwe meisie het. Thabo het ’n oplossing vir Simon se probleme met sy nuuskierige ma. Hulle skep vir hom ’n private kanaal, Simonchat, op MXit. Thomas gebruik sy kans om reguit vir Thabo te vra hoekom hy die band begin het. Tot sy verbasing hoor Thomas dat Thabo eintlik ’n meisie wou beïndruk en vir haar gekok het dat hy in ’n band is. Thabo het Hannes daarna ge-SMS en die woord “meisies” was genoeg om hom te ooreed om deel van Thabo se band te wees. Hannes het vir Lukas ge-SMS en later het Hannes self vir Alex van die band vertel. Thomas was daardie aand toe hulle die band begin het, saam met sy ouers by ’n konsert en hulle kon hom nie dadelik kontak nie. Thabo sê hulle het hom nie doelbewus uitgelaat nie. Alex het ook voorgestel dat hulle eers moes kyk of die band-storie werk voordat hulle Thomas vertel. Thabo stel voor dat Thomas met Hannes moet praat, want hy voel baie sleg oor alles. Thomas sê hy is nou kwater oor die verwery as die band. Thabo kry ’n blink plan: Wanneer Thomas oor naweke die saal verf, kan die band

daar oefen. Thabo bied ook aan om vir Thomas te help verf. Thomas erken aan homself dat as sy vriende hom dadelik van die band vertel het, hy sou gedink het dit is 'n dom idee. Hy SMS vir Hannes en bied aan om te help met plakkate en toerusting rondra.

- 4.1 Thabo verduidelik vir Thomas hoe dit gebeur het dat hulle hom nie van die band vertel het nie. Rangskik die volgende punte in volgorde.
 - 4.1.1 Hannes SMS vir Lukas oor die band.
 - 4.1.2 Die band besluit om eers te oefen voordat hulle vir Thomas inlig.
 - 4.1.3 Thabo besluit daar en dan om sy eie band te begin.
 - 4.1.4 Hannes stem in.
 - 4.1.5 Thabo ontmoet 'n oulike meisie by 'n partytjie.
 - 4.1.6 Hannes vertel vir Alex ook van die band.
 - 4.1.7 Thabo wil die meisie beïndruk en sê hy is in 'n band.
 - 4.1.8 Thabo SMS vir Hannes en vra of hy deel van sy band wil wees.
- 4.2 Thabo sê hulle wou eers oefen voordat hulle vir Thomas van die band vertel. Is dit geloofwaardig? Gee 'n rede.
- 4.3 Hoekom was Thomas nie by toe die band begin is nie?
- 4.4 “Vir 'n verandering praat Thabo nie soos die Gautrein op Red Bull nie.”
 - 4.4.1 Wat lei ons hieruit af oor Thabo se manier van praat?
 - 4.4.2 Dink jy dit is 'n goeie vergelyking? Gee redes.
- 4.5 Hou Thomas van die geskenk wat Thabo as soenoffer gebring het? Gee 'n rede.
- 4.6 Thomas besef hy was kleinlik. Wat doen hy om sake reg te stel?
- 4.7 Hoe verskil Thomas se pa en stiefma van sy nefie Simon se ma?
- 4.8 Hoe help Thabo en Thomas vir Simon?
- 4.9 Skryf die SMS op bl. 31 in gewone Afrikaans.

Hoofstuk 5 (bl. 32-39)

Terwyl Thomas die saalmure verf, oefen die band. Thabo speel die dromme, Hannes speel kitaar en Lukas sing. Thabo neem

hulle op sy selfoon op en hulle besef hulle weet nie eintlik wat hulle doen nie. Alex bring vir Thomas middagete en hoop hy is nie meer kwaad vir haar nie. Thomas stel voor dat die band-lede moet omruil. Thabo het op laerskool kitaarlesse geneem en hy behoort kitaar te speel, Lukas kan die dromme speel en Hannes kan sing. Hannes is dadelik op sy perdjie en beskuldig Thomas daarvan dat hy jaloers is op sy talent. Alex kom tot Thomas se redding en herinner Hannes daaraan dat dit altyd die sanger van 'n band is wat beroemd raak. Thomas se voorstel word aanvaar en nou moet hulle net liedjies kry. Thomas maak weer 'n voorstel: Alex kan hulle help om hulle oorspronklike liedjie vir die kompetisie te skryf. Sy willig in en sê sy het iets wat amper klaar is. Alex, Hannes en Lukas werk aan die liedjie, terwyl Thabo vir Thomas help om te verf. Thomas besef sy vriende is vir hom baie werd.

- 5.1 “Ek en Thabo is naturals op die drums en kitaar.” Stem jy saam met Hannes? Gee redes.
- 5.2 Thomas verlekker hom daarin as hy hoor hoe vrot die band speel. Hoekom?
- 5.3 Waarom gil Hannes vir Thomas en Alex om 'n kamer te kry?
- 5.4 Hoe voel jy oor paartjies wat in die openbaar druk en soen?
- 5.5 Waaroor, dink Alex, kan Thomas vir haar kwaad wees?
- 5.6 Watter voorstelle maak Thomas om die band te help?
- 5.7 Hoekom sal Alex perfek wees om te help om die liedjie te skryf?
- 5.8 Thomas voel hy is “die vark in die verhaal”. Wat beteken die uitdrukking?
- 5.9 Thomas kry 'n knop in sy keel en dink hy kry verkoue. Is dit regtig verkoue?

Hoofstuk 6 (bl. 40-46)

Die band is besig om te oefen, maar daar is 'n probleem: Hannes kan glad nie sing nie. Thomas se oplossing is dat Alex moet sing, aangesien sy musikaal is. Alex sing en Thabo speel kitaar; dit klink ongelooflik goed. Nou kan die band in alle erns begin oefen. Billy Fourie en Piet Senekal daag daar op. Hulle het verlov van meneer Volschenk om die saal oor die naweek te gebruik om te repeteer. Hulle sê Thomas is agteraf omdat Thabo sy strafwerk

vir hom doen. Thomas vererg hom, want Billy is die een wat agteraf is omdat hy Thomas se losskakelposisie in die rugbyspan met skelm planne probeer bekom het. Twee vreemde ouens bring yslieke swart houers met professionele toerusting daarin en begin dit uitpak. Billy-hulle wil hulleself doodlag vir Thabo se band. Billy beveel Thomas om hulle goed te verwyder en te loop. Op daardie oomblik kan Thomas homself nie help nie en trek sy roller vol verf oor Billy se Diesel-T-hemp. Billy staar geskok na sy T-hemp en dreig dat Thomas daarvoor gaan betaal. Alex is bekommerd dat Billy-hulle haar liedjie afgeluister het en waarsku die ander dat Billy en Piet enigiets sal doen om te wen.

- 6.1 Hannes het nie sangtalent nie. Haal 'n sin op bl. 40 aan om dit te bewys.
- 6.2 Hoe wys Alex dat sy taktvol is ten opsigte van Hannes se sangtalent?
- 6.3 Watter oplossing het Thomas vir die band se probleem met 'n sanger?
- 6.4 Dink jy Piet Senekal is gewild onder die leerders? Gee redes.
- 6.5 Dink jy "Electrolux" is 'n gepaste bynaam vir Piet Senekal? Gee 'n rede.
- 6.6 Waarvan beskuldig Billy Fourie vir Thomas?
- 6.7 Hoe verdedig Thabo vir Thomas?
- 6.8 Watter voorsprong skyn Billy-hulle se band in dié stadium te hê?
- 6.9 Watter dreigement maak Billy nadat Thomas sy T-hemp bemors het?
- 6.10 Wat sal jy doen as iemand jou T-hemp vol verf smeer?
- 6.11 Thomas het hom bloedig vererg vir Billy. Hy voel 'n warm gloed deur sy lyf trek en bal sy vuiste langs sy sye. Hy slaan egter nie vir Billy nie. Kies twee van die volgende moontlike redes waarom hy dit nie doen nie.
 - 16.11.1 Hy kan sy humeur beteuel en weet waar om die streep te trek.
 - 16.11.2 Hy sal in groter moeilikheid by die hoof beland.
 - 16.11.3 Hy respekteer Billy.
 - 16.11.4 Geweld is nie 'n oplossing nie.

Hoofstuk 7 (bl. 47-52)

Dit is pouse en Thomas en sy maats is bymekaar; Lilian is ook daar. Alex vertel vir Lilian van die Saterdag se oefening en van Billy-hulle se inmenging. Thomas dink aan alles wat hy gaan doen terwyl sy maats oefen. Hy voorsien 'n rustige tyd in sy lewe wat tot nou toe vol drama was. Hannes wil van Lilian weet hoe-kom sy nie in hulle band is nie. Sy herinner hom daaraan dat sy aan 'n koorkompetisie deelneem op dieselfde aand as die rock-fees. Sy sing twee solo's. Hannes verduidelik vir Lilian wat elkeen in die band doen en Lukas vertel van die twee liedjies wat hulle moet voorberei. Lilian stel voor dat sy en Thomas die band be-mark. Sy het klaar idees.

7.1 Pas die inligting in kolom B by die name in kolom A. Skryf telkens net die nommer en letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
7.1.1 Thabo	A Hoofsanger
7.1.2 Lilian en Thomas	B Speel dromme
7.1.3 Hannes	C Behartig bemerking
7.1.4 Lukas	D Speel kitaar
7.1.5 Alex	E Agtergrondsanger

- 7.2 Dink jy ook dat Thomas se lewe tot nou toe vol drama was? Gee redes.
- 7.3 Waarom is Lilian nie in die band nie?
- 7.4 Thomas dink dat die lewe skielik vir hom rustig lyk. Dink jy dit gaan so rustig bly? Gee redes.
- 7.5 Watter planne het Lilian om die band te bemark?
- 7.6 Wat impliseer dit as Piet Senekal "Griet" genoem word?

Hoofstuk 8 (bl. 53-57)

Thomas sit in die Afrikaansklas toe hy oor die interkom kantoor toe geroep word. Die hoof is onvriendelik en wil weet hoe die saal vorder. Thomas sê hy is amper klaar, maar die hoof het 'n ander mening: Thomas is besig om met opset 'n gemors van die saal te maak. Om hom te wys waarvan hy praat, vat die hoof vir Thomas saal toe. Thomas kan nie glo wat hy sien nie: 'n groot roomkleu-rige verkol op die vloer en in groot rooi letters op die klaargeverf-de muur "JA VIR DIE HECTIC HAMBURGERS!!!!". Die hoof glo

dat dit Thomas se werk is en waarsku hom dat as hy lid van die Hectic Hamburgers is, hy die groep sal verbied om aan die kompetisie deel te neem. Hy dryf Thomas in 'n hoek deur te sê dat as Thomas skuld vir die vandalisme erken, die deelname van die band veilig sal wees. Thomas moet jok om sy maats te beskerm. Die hoof beveel Thomas om die saal teen seweur die volgende oggend skoon te hê. Thomas weet dat Billy en Piet die skuldiges is.

- 8.1 Bily Fourie het Thomas gewaarsku dat hy vir die verbodsmeeerde T-hemp gaan betaal. Hoe het Thomas nou betaal?
- 8.2 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf telkens net die nommer en woord neer.
Meneer Volschenk sê vir Thomas as hy **8.2.1** ... van die Hectic Hamburgers is, sal hy verplig wees om die band te **8.2.2** ... om aan die **8.2.3** ... Rockfees deel te neem. As hy iemand soos Thomas wat **8.2.4** ... straf uitdien, toelaat om aan interskolekompetiesies deel te neem, sal hy die **8.2.5** ... boodskap uitstuur. As Thomas egter erken dat hy vir die **8.2.6** ... verantwoordelik is, sal die Hectic Hamburgers se **8.2.7** ... veilig wees. Thomas beseft dat as hy die **8.2.8** ... praat, sal sy vriende gestraf word; daarom moet hy 'n **8.2.9** ... vertel.
- 8.3 Wat bedoel meneer Volschenk as hy vir Thomas vra of hy weer agter sy pa gaan weggroep?
- 8.4 Hoekom, dink jy, gee die hoof nooit vir Thomas 'n kans om sy saak te stel nie?
- 8.5 Waaraan skryf die hoof "Thomas" se vandalisme toe?
- 8.6 Hoe word die hoof se voorkoms en karakter in dié hoofstuk uitgebeeld?
- 8.7 Dink jy ook die hoof tree onregverdig teenoor Thomas op? Gee redes.
- 8.8 Sal jy van 'n hoof soos meneer Volschenk hou? Gee redes. Hoe sien jy die ideale skoolhoof?

Hoofstuk 9 (bl. 58-63)

Thomas besluit dat meneer Volschenk hom nie sal knak nie en betaal die terreinpersoneel om hom te help om die gemors in die

saal op te ruim en klaar te verf. Thomas kom laat tuis en hy sou graag vir sy pa wou vertel van Billy Fourie en hoe hy onregverdig gestraf word. Hy weet egter sy pa sal die hoof bel en dit sal groter moeilikheid veroorsaak. Hy gesels met sy pa, doen al sy huiswerk en kuier by sy vriende op Facebook. Lilian bel hom en hy vertel haar van Billy se wraak en wat die hoof alles te sê gehad het. Lilian is bekommerd oor hoe die nuwe verwickelinge Thomas se betrokkenheid by die band se bemerking gaan beïnvloed. Thomas sê hy kan alles op Twitter en Facebook doen en die hoof sal nie daarvan weet nie. Hy stel voor dat Lilian die amptelike skakel-beampte moet wees en hy sal haar help. Thomas sê hy sal gou 'n G-mail-rekening oopmaak wat as die band se amptelike e-pos-adres kan dien. Hy sal hierdie adres gebruik om Twitter- en Facebook-profiel te skep. Sodra alles reg is, sal hy die besonderhede en wagwoorde vir die ander aanstuur. Lilian sê sy werk ook aan bewegings wat die band op die verhoog moet uitvoer. Lilian verseker Thomas dat hulle sal saamstaan teen die hoof en Billy Fourie met sy terroriseringsveldtog teen Thomas.

- 9.1 Na wie verwys die volgende:
 - 9.1.1 “Psycho-klasmaat?”
 - 9.1.2 “Oros-man?”
 - 9.1.3 “Amptelike PR-chick?”
 - 9.1.4 “Die skool se handyman?”
- 9.2 Thomas wil vir sy pa vir geld vra, want “hy is nou so arm soos 'n kerkmuis.” Waarom het Thomas nie geld nie?
- 9.3 Waarmee help Lilian die band nog, behalwe bemerking?
- 9.4 Watter belofte moet Lilian aan Thomas maak?
- 9.5 Hoekom, dink jy, het Thomas ál sy huiswerk gedoen?
- 9.6 Thomas het 'n perfekte plan om die band se bemerking te doen, sonder dat die hoof daarvan weet. Wat is sy plan?

Hoofstuk 10 (bl. 64-68)

Thomas is moeg nadat hy die vorige nag hard gewerk het om die band se Twitter- en Facebook-profiel te skep. Sy maats moet nou nog net vir hom foto's van hulleself stuur, sodat hy dit op Facebook kan sit. Sodra hulle 'n liedjie goed genoeg kan speel, kan hy hulle amptelik bekendstel. Hannes bedank Thomas vir sy harde werk,

maar doen dit ongelukkig op 'n manier wat Thomas in sy moeë toestand nie kan waardeer nie. Alex lag egter vir Hannes se rockgrappies en stamp hom speels teen sy skouer. Thomas interpreteer dit verkeerd en dink Hannes krap in sy slaai. Hy stamp Hannes weg en herinner hom daaraan dat Alex sý meisie is. Thomas besluit sommer daar en dan om weer krieket te speel en sodoen- de sommer ook bietjie afstand tussen hom en sy vriende te kry. Lukas is verbaas oor Thomas se besluit en wonder hoe Thomas Dinsdae se swemoefening ook nog gaan inpas. Die skoolklok lui en Thomas kyk Hannes en Alex agterdogtig agterna.

- 10.1 Noem vier redes wat Thomas laat vermoed dat daar iets tussen Alex en Hannes is.
- 10.2 Dink jy Thomas se agterdog is geregverdig?
- 10.3 Wat beteken dit om in iemand se slaai te krap?
- 10.4 Hannes waarsku Thomas: “Pasop dat jy nie alles wat great is in jou lewe sommerso oor bollie opdons nie.” Wat bedoel Hannes met “alles wat great is”?
- 10.5 Waarom wil Thomas nie dadelik die name van die band op Facebook bekend maak nie?
- 10.6 Watter ander idee het Thomas nog om die band bekend te stel?
- 10.7 Haal 'n sin op bl. 68 aan om te bewys dat Thomas soos 'n gevangene voel.

Hoofstuk 11 (bl.69 – 73)

Thomas staan en kyk na die seuns wat krieket oefen. Hy is regtig nie lus om te speel nie. Die beeldskone Fleur Vermaak daag skielik daar op, slaan haar arms om Thomas en soen hom onbeskaamd op die wang. Sy is 'n bekende sepiester wat 'n ruk gelede by Hoërskool Leeukop begin skoolgaan het. Sy hou baie van Thomas en het amper moeilikheid tussen hom en Alex veroorsaak. Fleur nooi Thomas om saam met haar onder 'n eikeboom op 'n bankie te sit, sodat hulle kan gesels. Sy betrap Thomas onkant toe sy begin huil oor haar ouers wat gaan skei. Sy druk haar gesig teen Thomas se bors aan en hy het geen ander keuse as om haar te troos nie.


- 11.1 Dit lyk asof Fleur Vermaak weet hoe om seuns om haar pinkie te draai en selfs te verlei. Wat doen sy alles om dié vermoede te bevestig?
- 11.2 Hoe het Fleur vir Thomas beter as die res van haar klas leer ken?
- 11.3 Fleur verwys na Alex as 'n "gewone meisie." Stem jy saam? Gee redes.
- 11.4 Thomas se optrede teenoor Fleur is ironies as mens in ag neem hoe hy Hannes en Alex die vorige dag verdink het. Bespreek.
- 11.5 Sou jy anders as Thomas opgetree het as iemand jou meisie/ou se naam gerieflikheidshalwe vergeet en haar/hom as "gewoon" bestempel?
- 11.6 Hoe verskil Fleur se skoolprogram van haar klasmaats s'n?
- 11.7 Fleur sê die akteurs met wie sy te doen het, is nie eg nie en sy is eensaam. Watter boodskap wil sy eintlik daarmee vir Thomas oordra?

Hoofstuk 12 (bl.74 – 81)

Nadat Thomas met Fleur gesels het, haas hy hom na Thabo se huis, want hy is amper 'n uur laat vir sy ontmoeting met Lilian en die band. Hy is net betyds om Alex huilend by Thabo se buitedeur te sien uitkom. Hy probeer uitvind wat aangaan, maar Alex vra dat hy haar moet uitlos. Sy vriende kyk na foto's op Facebook en aan hulle gesigsuitdrukings kan hy sien dat hulle kwaad, verward en ongemaklik voel. Dit is foto's van hom en Fleur. Thomas se vriende aanvaar dat hy dit self op die Hectic Hamburgers se profiel gesit het, aangesien hy die profiel opgestel het. Lilian steek vir Thomas 'n preek af en hy besef hoe verdag alles vir sy vriende, en veral vir Alex, moet lyk. Hy verduidelik dat hy niks van die foto's weet nie en vermoed dat iemand dit met 'n selfoon geneem het. Dieselfde persoon moes op 'n manier toegang tot hulle profiel gehad het. Lilian onthou dat Billy en Piet agter haar en Hannes in die rekenaarklas gesit het en hulle moes in 'n onbewaakte oomblik Thomas se e-pos aan die band gelees het. So kon hulle maklik ingaan op die Hectic Hamburgers se profiel. Die enigste ding wat Thomas nou kan doen, is om die profiel toe te maak en

later weer 'n nuwe een te skep. Thomas stap weg om vir Alex te gaan soek.

12.1 Voltooi die blokkiesraaisel deur die leidrade te gebruik.



Dwars

- 1 Thomas moes by hierdie oefening gewees het.
- 2 Plek waar steelfoto's afgelaai is.
- 3 Sepiester (net naam).
- 4 Dis hoe Thomas oor die lewe voel.
- 5 Daar was dertig daarvan.

Af

- 6 Volgens Lilian wil Fleur 'n ander meisie se kêrel ...
- 7 Dis waar Fleur nuus kyk.
- 8 Hy het die foto's geneem.
- 9 Thomas wou maar net vir Fleur ...
- 10 Die foto's is daarmee geneem.

12.2 Thomas het tot nou toe gedink Fleur is net 'n Barbie. Wat beteken dit?

- 12.3 Hoe bewys Fleur vir Thomas verkeerd?
- 12.4 Toe Thomas uiteindelik by Thabo se huis aankom, is al sy maats ontsteld. Hoekom?
- 12.5 Hoekom verdink die vriende juis vir Thomas?
- 12.6 Verduidelik hoe Billy dit reggekry het om die foto's op Facebook te plaas.
- 12.7 Hoe sal Thomas die probleem oplos?
- 12.8 Thabo is 'n vredemaker. Hoe weet ons dit?

Hoofstuk 13 (bl. 82-86)

Die volgende oggend by die skool probeer Thomas met Alex praat, maar sy wil niks met hom te doen hê nie; hulle verhouding is iets van die verlede. Sy kan Thomas nie meer vertrou nie en hy is selfsugtig. Thomas is jammer, maar dit is te laat. Albei erken egter dat hulle nog lief is vir mekaar. Thomas beskuldig dadelik vir Hannes daarvan dat alles sy skuld is omdat hy vir Alex wil hê. Hannes dink Thomas is mal. Ná skool gaan sit Thomas op die pawiljoen en dink aan alles wat so verkeerd gaan in sy lewe. Billy en Piet daag daar op en soek weer skoor met Thomas. Billy erken dat hy die foto's van Thomas en sy "skelmpie" op die internet geplaas het. Thomas moet sy vuiste in bedwang hou en gee net slim antwoorde op Billy se smalende vrae. Billy waarsku weer dat dit net die begin van sy wraak is en sê dat Thomas nie langer sy gewig by die skool en rugbyspan gaan rondgooi nie. Hy stamp Thomas teen die bors en Thomas stamp terug. Meneer Du Toit, die rugbyafrigter, sien dit en berispe hulle. Hulle moet tien keer om die baan hardloop.

- 13.1 Waarom verbreek Alex haar verhouding met Thomas?
- 13.2 Wat het Billy gedoen om Thomas by die hele skool in onguns te bring?
- 13.3 Hoe sou jy opgetree het as jy in Alex se skoene was?
- 13.4 Alex sê Thomas het 'n goeie lewe. Dink Thomas ook so? Gee redes.
- 13.5 Thomas wil nie erken dat hy self verbrou het nie. Wie kry die skuld?
- 13.6 Haal 'n sin op bl. 83 aan om te bewys dat Hannes oorbluf is deur Thomas se aantygings.

- 13.7 “Jy is regtig die beste pel wat ’n ou kan hê.” Bedoel Thomas hierdie woorde aan Hannes?
- 13.8 Hoe wys Hannes sy lojaliteit teenoor Thomas, ten spyte van Thomas se aantygings teen hom?
- 13.9 Hoe beïnvloed Thomas se gemoedstoestand sy swemoefening?
- 13.10 Watter gedragspatrone openbaar Thomas en Billy onderskeidelik, volgens meneer Du Toit?
- 13.11 Hoe verskil Thomas en Billy se gedrag wanneer meneer Du Toit hulle berispe?

Hoofstuk 14 (bl. 87 – 91)

Daardie aand skryf Thomas vir Alex ’n briefie om te sê hoe jammer hy oor alles is, en om te sê dat hy nie gejoj het nie. Hy sit die briefie saam met duur sjokolade in ’n sakkie en neem dit na Thabo se huis waar die band besig is om te oefen. Hy wil seker maak hy kry Alex alleen as sy uitkom en gaan sit dus op ’n bankie onder ’n boom. Carla, wat vir Hannes wag, sien hom en gaan sit by hom. Hy vertel haar van alles wat verkeerd is in sy lewe. Carla bied aan om haar kêrel te stuur om Billy en Piet ’n les te leer. Sy gee ook vir Thomas perspektief oor Alex se gevoelens. Volgens Carla is Alex ernstig oor Thomas, maar sy voel heel waarskynlik verward oor alles wat gebeur het. Carla stel voor dat Thomas met Alex moet gaan praat. Toe Thomas se maats uitkom, gaan wag Carla in haar motor vir haar broer. Thomas gaan kyk waar Alex is en sien haar in Hannes se arms. Hy gooi die sakkie met die briefie en sjokolade net daar neer en hardloop huis toe.

- 14.1 Hoe wil Thomas vir Alex wys dat hy spyt is oor die Fleur-episode?
- 14.2 Hoekom skryf Thomas sekere woorde in sy briefie met hoofletters?
- 14.3 Waarop dui die baie opgefrommelde papiere op Thomas se vloer?
- 14.4 Hoe probeer Carla vir Thomas help om sy liefdesprobleme op te los?
- 14.5 Thomas sien vir Alex in Hannes se arms. Dink jy hy was al die tyd reg toe hy gedink het Hannes vry sy meisie af?

- 14.6 Wat is ironies omtrent hierdie scenario van Hannes met Alex in sy arms?
- 14.7 Dink jy Thomas sal Carla se raad volg?

Hoofstuk 15 (bl. 92-96)

Tydens saalopening maak die hoof melding van die ruim verfskenking van Piet Senekal se pa, maar sê niks oor die verwers nie. Die hoof noem ook dat die Radikale Rockfees oor 'n week plaasvind en dat die skool twee bands in graad nege het wat gaan deelneem: Hannes le Roux se Hectic Hamburgers en Billy Fourie-hulle se Grondboontjebotter. 'n Prefek wat Thomas sien eet het tydens saalperiode straf hom. Hy moet die mikrofoon oppak en agter op die verhoog toesluit. Terwyl Thomas dit doen, hoor hy hoe Billy en Piet agter die verhoog konkel en planne maak om die Hectic Hamburgers te kelder. Thomas hoor ook hoe oneerlik hulle is deurdat professionele ouens, eintlik studente, en hulle toerusting deel is van Billy-hulle se band. Billy maak dit ook duidelik dat hy nóg Thomas nóg meneer Du Toit kan verdra. Billy glo dat meneer Du Toit sy plek as losskakel in die rugbyspan vir Thomas gegee het; daarom moet hulle albei nou 'n les geleer word.

- 15.1 Thomas luister gegriefd na die hoof tydens saalopening. Wat pla hom alles?
- 15.2 Watter onderskeid maak die hoof wanneer hy die bands aankondig?
- 15.3 Hoe verskil **trawante** van **volgeling**?
- 15.4 Watter oortreding begaan Thomas tydens saalopening en wat is sy straf?
- 15.5 Agter die saalgordyne hoor Thomas vir Billy en Piet konkel. Kies die antwoord wat nie pas nie. "Konkel" beteken ...
- 15.5.1 agteraf knoei.
 - 15.5.2 agteraf planne smee.
 - 15.5.3 oneerlik te werk gaan.
 - 15.5.4 eerlik te werk gaan.
- 15.6 Op watter manier is Billy-hulle se band oneerlik saamgestel?
- 15.7 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te

vul. Skryf elke keer net die nommer en die ontbrekende woord neer.

Billy verwys snedig na Thabo se band as die **15.7.1** Billy se plan is dat Grondboontjebotter dieselfde **15.7.2** ... as die Hectic Hamburgers moet sing. Omdat die bands **15.7.3** ... gaan optree, gaan Billy-hulle voor Thabo-hulle optree. Almal by die fees sal dan dink dat die Hectic Hamburgers die liedjies van **15.7.4** ... gesteel het. Om uit te vind watter liedjies hulle opponente gaan sing, gaan Billy-hulle dan 'n **15.7.5** ... in die Hectic Hamburgers se toerusting plant. Billy hoop dat Thomas en sy vriende van **15.7.6** ... aangekla sal word.

- 15.8 Noem die hoofrede waarom Billy nie vir Thomas en meneer Du Toit kan verdra nie.
- 15.9 Dink jy meneer Du Toit het Billy aspris met Thomas vervang? Gee 'n rede.
- 15.10 Thomas dink daaraan dat hy 'n e-pos namens sy pa aan die skool kon gestuur het om te sê hy is siek. Sal jy so iets oorweeg? Gee 'n rede.

Hoofstuk 16 (bl. 97-102)

Thomas sit in 'n eetplek met Alex se gunsteling-smoothie voor hom. Fleur Vermaak kom daar aan en gaan sit by Thomas. Sy wil weet waarom hy so moedeloos lyk. Thomas verduidelik sy probleme en vertel dat Alex hom gelos het oor die steelfoto's van hom en Fleur. Fleur dink Alex is onseker van haarself. Sy sê Alex hoef nie so bedreig te voel nie, aangesien sy wat Fleur is 'n kêrel het: 'n 22-jarige Springbokrugbyspeler. Daar is 'n berig oor haar in die *Sarie*. Fleur bied aan om Thomas te help om Alex terug te kry. Hy moet vir Alex wys hoe lief hy haar het en sy moet weet hy wil haar regtig hê. Fleur vra Alex se huis- en selnommer en haar huis- en e-posadres. Sy wil ook weet waarvan Alex alles hou. Fleur laat Thomas ook insien dat hy dom opgetree het om somer net te aanvaar dat Alex en Hannes iets aan het.

- 16.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer. As 'n mens soos 'n Hollywoodster met selluliet lyk, lyk jy ...
 - 16.1.1 bedremmeld.

- 16.1.2 bedreig.
- 16.1.3 bedrieg.
- 16.1.4 bedrewe.
- 16.2 “Fleur. Dis al wat hy nou nodig het.” (bl. 97) Waarom dink Thomas dit?
- 16.3 Waarom het Thomas Alex se gunsteling-smoothie bestel?
- 16.4 Waaroor is Fleur bekommerd toe sy van die steelfoto’s hoor?
- 16.5 Hoe weet ons dat Fleur aandag trek vanweë haar skoonheid?
- 16.6 Waaraan skryf Fleur Alex se houding toe?
- 16.7 In watter opsig verskil Fleur van ander meisies van haar ouderdom?
- 16.8 Watter teorie het Fleur oor ouens op wie se skouers meisies kom huil?
- 16.9 Fleur vra waarvan Alex hou en Thomas rits dadelik ’n lys goed af. Wat kan jy uit dié inligting aflei?
- 16.10 Noem twee redes waarom Fleur vir Thomas wil help om Alex terug te wen.

Hoofstuk 17 (bl. 103-107)

Dit is halfses in die aand en Thomas wil vir sy toets leer, sodat hy die res van die aand *Fangs* kan speel. Hy kom agter dat hy sy tas by die skool vergeet het en hardloop om dit te gaan haal. Toe hy by die aantrekkamers kom, sien hy ’n wasbleek meneer Du Toit en Billy Fourie met ’n mes in sy hand. Meneer Du Toit vra vir Billy waarom hy al die rugbyballe stukkend steek. Billy het ’n vyandige houding en Thomas weet hy sal iets moet doen; daarom begin hy praat. Toe meneer Du Toit na Thomas omdraai, steek Billy hom met die mes in sy rug. Billy stamp Thomas uit die pad en hy val met sy kop teen ’n bankie. Thomas sien die bloed uit meneer Du Toit se rug sypel en weet hy moet dit dadelik stop. Hy gryp ’n handdoek en kledingstuk wat rondlê en pak dit op die bloeiende wond. Hy pas ook drukking toe en bel ’n ambulans. Dan verskyn meneer Volschenk op die toneel en aanvaar dadelik dat Thomas die skuldige is. Thomas probeer hom oortuig dat dit Billy se werk is, maar die hoof sê dat Thomas lewenslank tronk toe sal gaan vir dié duiwelse daad. Die ambulans daag intussen op en die para-

medici stabiliseer meneer Du Toit. Thomas ruk homself los uit die hoof se greep, hardloop huis toe en sak in die voorportaal inmekaar.

- 17.1 Hoekom hardloop Thomas halfses in die aand skool toe?
- 17.2 Beskryf die toneel wat Thomas sien toe hy by die aantrek-kamer kom.
- 17.3 Wat gebeur toe Thomas die onderwyser se naam noem?
- 17.4 Hoe het tegnologie Thomas gehelp om meneer Du Toit se lewe te red?
- 17.5 Sal jy in 'n soortgelyke situasie kan kophou? Gee 'n rede.
- 17.6 Meneer Volschenk beskuldig Thomas valslik van die wrede daad. Hoe verklaar meneer Volschenk die gebeure?
- 17.7 Is jy al ooit valslik beskuldig? Sê waarvan en hoe jy gevoel het.
- 17.8 Wat bedoel die hoof as hy sê Thomas het letterlik en figuurlik bloed op sy hande?
- 17.9 Hoekom, dink jy, beskuldig meneer Volschenk vir Thomas van moord?
- 17.10 Dink jy die polisie sal meneer Volschenk se weergawe van die gebeure sommer net so goedsmoeds aanvaar? Gee 'n rede.

Hoofstuk 18 (bl. 108-111)

Thomas lê inmeekargesak in die voorportaal van hulle huis. Louisa sien sy bloedbesmeerde hande en snel hom te hulp. Sy roep Thomas se pa om te kom help. Louisa kalmeer Thomas met Coke waarin suiker gegooi is en toe vertel Thomas wat gebeur het. Hy is so ontsteld oor alles, veral oor die hoof se optrede, dat hy begin huil. Thomas se pa besef dat dit 'n ernstige saak is en bel dadelik die polisie om 'n verklaring van die gebeure by Thomas te kom kry. Hulle moet ook 'n verklaring by meneer Du Toit kry om Thomas s'n te staaf. Louisa tap vir Thomas 'n warm bad in, bestel 'n pizza en gee vir hom 'n slaappil. Thomas is dankbaar vir die hulp en bystand van volwassenes. Die polisie kom neem sy verklaring af. Thomas se pa lig hom in dat meneer Du Toit in 'n kritieke toestand is, maar dat hy dit sal maak.

- 18.1 Terwyl Thomas vir sy pa-hulle vertel wat gebeur het, kan hy die trane nie meer keer nie, en hy probeer dit vining weg-vee.
 - 18.1.1 Waarom, dink jy, huil Thomas?
 - 18.1.2 Waarom probeer hy die trane vining wegvee?
- 18.2 Mag seuns maar huil? Wat is jou mening?
- 18.3 Hoe wys Louisa dat sy vir Thomas omgee?
- 18.4 Waarom moet die polisie dadelik Thomas se verklaring kry?
- 18.5 Hoekom is 'n verklaring van meneer Du Toit ook nodig?
- 18.6 Thomas se pa sê die hoof se gedrag is laakbaar. Hoekom?
- 18.7 Wat is die aard van meneer Du Toit se beserings?

Hoofstuk 19 (bl. 112-115)

Ten spyte van die slaappil wat hy gedrink het, skrik Thomas om tienuur wakker. Hy dink aan Alex. Die gebeure van vroeër die aand voel onwerklik. Sy foon biep en hy sien daar is drie stemboodskappe: twee van Carla en een van Alex waarin hy net dowwe stemme hoor. Carla sê in haar boodskap dat Alex en Hannes nog bietjie in die saal gaan oefen nadat Lukas huis toe is. Hy luister weer na Alex se boodskap en hoor net stemme wat bang-erig klink. Dan dink Thomas aan Billy met sy mes en besef dat Alex in lewensgevaar is. Thomas weet hy moet vinnig by die skool kom. Hy sê in die hardloop vir sy pa, wat nog sit en TV kyk, dat hy dink Billy het skool toe gevlug. Die skool is stil en verlate wanneer Thomas daar aankom, maar die saalligte brand nog. Thomas beweeg stadig en voel aan die deur – dit is gesluit. Hy klim op 'n bankie teen die saalmuur en loer deur die oopgetrekte gordyne. Met skok sien hy die toneel daarbinne: Thabo sit op die verhoog, met Billy en Alex voor hom. Billy hou 'n mes teen Alex se keel.

- 19.1 Waarvan word Thomas wakker?
- 19.2 Uit watter drie dinge kan Thomas aflei dat Alex in gevaar is?
- 19.3 Kyk na die beskrywing van die toneel buite die skoolsaal. Watter soort atmosfeer heers daar en hoe word dit geskep?
- 19.4 Watter ontstellende toneel sien Thomas wanneer hy deur die gordyne loer?
- 19.5 Sal jy onmiddellik die volgende hoofstuk wil lees? Gee 'n rede.

Hoofstuk 20 (bl.116-121)

Thomas kyk nog deur die saalvenster; hy moet Alex red. Hy weet hy moet nou versigtig wees; anders gaan Billy sy mes gebruik. Thomas oorweeg verskeie opsies om in die saal te kom, maar die beste blyk te wees om op die platform bokant die verhoog te kom. Danksy sy strafwerk ken hy die kode vir die tegniese kamer se slot en gaan stillietjies in. Dan klim hy met die staalleer tot bo-op die platform en sien dat Billy en Alex reg onder 'n opening vir 'n kollig sit. Hy hoor Thabo pleit dat Billy vir Alex moet laat gaan en hoe Billy dreig om Alex in haar nek te steek. Die enigste uitweg is dat Thomas van bo af op Billy moet spring. Hy doen dit en val skuins bo-oor Billy. Hy beveel Alex en Thabo om te hardloop. Billy kom op sy voete en probeer Thomas met die mes bykom, maar Thomas is te rats vir hom. Hy tref egter vir Thabo wat hom van agter af bekruipt. Thomas val vir 'n tweede keer op Billy, maar Billy slaag tog daarin om vir Alex teen haar knie te skop. Sy verloor haar balans en val agteroor van die verhoog af. Dit spoor Thomas aan om vir Billy hard in die gesig te slaan, sodat hy bewusteloos op die vloer val. Thomas spring van die verhoog af om vir Alex te help. Sy dink haar sleutelbeen is gebreek. Thomas buk versigtig oor haar en sê vir haar hoe lief hy vir haar is en hoe nodig hy haar het. Die saaldeur word oopgeforseer en die polisie en Thomas se pa bars in.

- 20.1 Hoekom moet Thomas mooi dink voordat hy aksie neem in die saal?
- 20.2 Thomas dink dat “die wieletjie in Billy se kop draai, maar daardie hamster is al lankal dood”. Wat bedoel hy?
- 20.3 Hoe verskil Thomas se siening van sy strafwerk nou van hoe dit vroeër was. Waarom?
- 20.4 Hoe verklaar Thomas die feit dat Billy vir Alex gyselaar hou?
- 20.5 Watter strategie volg Thomas om Alex van Billy en sy mes te red?
- 20.6 Watter karaktertrek van Thabo word duidelik as hy by Billy pleit om Alex te laat gaan en hom daar te hou?
- 20.7 Hoe wys Thabo dat hy 'n vriend is op wie Thomas kan staatmaak?

- 20.8 Thomas se keel voel in 'n stadium soos die Karoo. Wat beteken dit?
- 20.9 Verduidelik hoe Thomas sy humorsin te midde van erge spanning (toe Alex val) behou.
- 20.10 Glo jy Thomas se pa as hy sê dat alles nou sal regkom? Gee 'n rede.
- 20.11 Is dit aanvaarbaar dat Billy so gewelddadig optree teenoor onderwysers en ander leerders? Gee redes.
- 20.12 Wat is moontlike redes vir Billy se gewelddadigheid?
- 20.13 Hoe kon Billy moontlik sy aggressie en ongelukkigheid hanteer het?

Hoofstuk 21 (bl. 122-127)

Alex lê op 'n rusbank in hulle huis en die res van die band is ook daar. Sy het inderdaad haar sleutelbeen gebreek. Thomas en Alex verwag Fleur albei om hul eie redes daar, maar albei hou dit geheim. Fleur het Thomas om elfuur by Alex se huis ontbied om haar belofte teenoor hom na te kom, naamlik om hom te help om sy verhouding met Alex te herstel. Alex het weer sonder die ander se medewete vir Fleur gevra om vir haar in te staan by die rockfees. Sy kan beter sing, dans en toneelspeel as enige een van hulle. Terwyl die vriende oor Billy en die gyselaarsdrama gesels, kom sê Alex se ma dat daar vir haar 'n verrassing in die tuin aangekom het. Thomas help Alex tuin toe en daar agter die huis wag 'n see van sonneblomme en 'n geskenk op Alex. Die geskenk is die Lindt-sjokolade en die briefie wat Thomas 'n paar aande gelede in Thabo-hulle se tuin gelos het. Thomas is verras oor Fleur se bydrae en Alex is verwonderd oor "Thomas" se vindingrykheid. Hannes gil opgewonde dat Fleur daar opgedaag het en dat sy laat blyk het sy is hulle nuwe hoofsanger. Alex verduidelik aan Thomas dat Fleur haar gebel het om te sê dat sy nie in Thomas belangstel nie en dat Alex dom sou wees om hom te los. Alex het haar toe gevra om in te staan as hoofsanger, omdat sy beseer is. Hoewel hulle nog oor baie goed moet praat, is dit duidelik dat Alex vir Thomas vergewe het.

- 21.1 Hoe gebruik Fleur die inligting wat sy oor Alex bekom het om Thomas te help?

- 21.2 Dit is ironies dat Alex en Fleur nou bondgenote is. Hoekom?
- 21.3 “Ek het vir julle ’n ander hoofsanger gereël, of eintlik het sy aangebied.”
- 21.3.1 Hoekom kan Alex nie meer aan die rockfees deelneem nie?
- 21.3.2 Wie gaan vir Alex vervang?
- 21.3.3 Wie dink Thabo is die plaasvervanger?
- 21.4 Hoe weet ons dat Billy sielkundige probleme het?
- 21.5 Thomas het alle rede om Billy te haat; tog het hy empatie met hom. Hoe weet ons dit?
- 21.6 Sou jy jammer voel vir Billy? Gee ’n rede.
- 21.7 Hoe word Alex om die bos gelei?
- 21.8 Fleur kom altyd meer volwasse as haar portuurgroep voor. Hoe verras sy ons egter in hierdie hoofstuk?
- 21.9 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer. As Hannes se oë so groot soos Frisbees is, is hy ...
- 21.9.1 verbaas.
- 21.9.2 verruk.
- 21.9.3 verskrik.
- 21.9.4 verbouereerd.
- 21.10 Thomas behoort gerusgestel te wees oor sy vermoedens aangaande Alex en Hannes. Waaruit kan ons dit aflei?
- 21.11 Hoe verrassend was dit vir jou om te hoor dat Fleur Vermaak uiteindelik die hoofsanger van die Hectic Hamburgers is? Kies een van die volgende:
- 21.11.1 Ek het dit glad nie verwag nie.
- 21.11.2 Ek het dit vermoed toe Alex seergekry het.
- 21.11.3 Ek het dit geweet die oomblik toe Alex sê sy het ’n nuwe sanger gereël.
- 21.11.4 Ek het dit vermoed toe ek gehoor het Fleur is ’n sepiester.

Hoofstuk 22 (bl. 128-132)

Dit is die aand van die rockfees. Hannes is senuweeagtig, maar Fleur toon geen genade nie. Volgens Thomas suig die ander bands. Fleur wil mineraalwater hê en Thomas bied aan om dit vir haar by die snoepie te gaan kry. Op pad daarheen loop hy verby

die hoof se kantoor en hoor deur die oop venster hoe sy pa, meneer Volschenk en 'n derde persoon daar binne praat. Die derde persoon, 'n verteenwoordiger van die onderwysdepartement, lig Thomas se pa in dat meneer Volschenk 'n waarskuwing ontvang het en dat die Fourie-kind uit die skool verwyder is. Thomas se pa sê egter dat dit nie die einde van die saak is nie. Thomas sien hulle daarna by die kantoor uitstap en praat vlugtig met sy pa oor die gebeure. Thomas haas hom terug saal toe en gaan staan saam met Alex in die vleuels, net betyds vir die Hectic Hamburgers se optrede. Terwyl hulle na die band luister, sit Thomas sy arms om Alex se skouers en soen haar saggies.

- 22.1 Die onderhoof het aangekondig dat meneer Volschenk met “verlof” is. Hoekom is die die woord **verlof** tussen aanhanglingstekens?
- 22.2 Waarom, dink jy, neem die onderhoof waar?
- 22.3 Thomas se pa kan 'n saak van naamskending teen meneer Volschenk aanhangig maak. Op grond waarvan?
- 22.4 Meneer Volschenk het weggekome met 'n waarskuwing. Hoe het hy homself uit die penarie gered?
- 22.5 Watter woord op bl. 130 sê vir ons dat die skoolhoof en die afgevaardigde van die departement kop in een mus is?
- 22.6 Hoe weet ons dat Thomas se pa van die skoolhoof ontslae wil raak?
- 22.7 “... en niemand hoef te weet julle ouers was hier nie.” Wat suggereer hierdie woorde oor hoe tieners oor hulle ouers voel?
- 22.8 Vergelyk die lirieke van die band se eerste liedjie met Hannes se poging op bl. 5. Sou jy sê die nuwe liedjie is 'n verbetering? Verduidelik.
- 22.9 Hoe sluit die nuwe liedjie se lirieke aan by die gebeure in die verhaal?

5. Ruimte en tyd

Ruimte

Die plekke waar karakters in 'n verhaal leef en werk en beweeg, het 'n groot invloed op hul lewe. Dink byvoorbeeld aan Thomas-hulle se huis, waar hy geborge voel, en die skool wat vir hom soos 'n tronk voel. Die skoolsaal word vir Thomas 'n negatiewe ruimte, waar hy strafwerk moet doen, deur Billy getreiter word en 'n gyselaarsdrama hom afspeel.

Wanneer plekke in 'n verhaal beskryf word op so 'n manier dat daar ekstra betekenis deur die ruimtelike beskrywing en hantering verkry word, word so 'n plek 'n ruimte genoem. Ruimte is dus 'n plek waaraan betekenis geheg word. Ruimte sluit ook alle sin-tuiglike en emosionele belewenisse in. Ruimte is dus nie net 'n fisiese plek nie, maar ook 'n emosionele en sintuiglike omgewing.

Tyd

Die gebeure in 'n verhaal speel binne 'n bepaalde tyd of era af. Die verhaal speel ook binne 'n sekere tydsverloop af; tussen die begin en die einde van 'n verhaal moet 'n sekere tydsduur verloop. Die Thomas-boeke speel in 'n moderne tyd af, daar is rekenaars en selfone. Die verhaal word ook chronologies vertel, al die gebeure volg op mekaar.

Vrae oor die ruimte en tyd

1. Watter plek(ke) in *thomas@rock-ster.net* dink julle het betekenis vir Thomas en sy maats? Hoekom?
2. Dit is belangrik om te let op hoe die karakters oor die ruimtes voel. Dink julle die skool is 'n lekker of 'n slegte plek vir Thomas? Verduidelik deur na voorbeelde uit die teks te verwys.
3. Watter uitwerking het die skoolsaal op Thomas en sy maats? Verduidelik.
4. Hoe lank is die tydperk wat verloop vandat *thomas@rock-ster.net* se storie begin totdat dit klaar is?
5. Word daar oor elke dag se gebeure berig? Verduidelik.

6. Vertelperspektief

Verteller

Die een wat vertel of wie se stem gehoor word, is die verteller. Die outeur en die verteller is nie dieselfde persoon nie. Die verteller en fokalisator (die een wie se siening gegee word) kan dieselfde instansie wees, maar dit is nie noodwendig so nie. Soms vertel 'n verteller iemand anders se verhaal en gee iemand anders se mening weer. Daar is drie verskillende soorte vertellers:

- 'n **Eksterne verteller** staan heeltemal buite die verhaal en is gewoonlik anoniem. Dié verteller word ook 'n alomteenwoordige derdepersoonsverteller genoem. Die eksterne verteller weet alles van die karakters en gebeure.
- 'n **Interne verteller** is deel van die verhaal, maar nie noodwendig 'n karakter nie. Hy ken die karakters se gevoelens en gedagtes. Dit word ook 'n anonieme/bepaalde derdepersoonsverteller genoem.
- 'n **Karaktergebonde verteller** is een van die karakters wat self vertel wat hy beleef en die ander karakters in sy woorde beskryf. Dit word ook 'n eerste persoonsverteller genoem en hy/sy verwys na hom-/haarself as "ek".

Fokalisator

Die fokalisator is die een wat sien in 'n verhaal. Die fokalisator is die instansie wie se siening op 'n bepaalde plek in die verhaal weergegee word. Daar is drie verskillende soorte fokalisators:

- 'n **Eksterne fokalisator** is een wat van buite die verhaal kyk en alles weet van die karakters. Hy is slegs 'n kykende instansie en nie deel van die verhaal nie.
- 'n **Interne fokalisator** is die "ek" of 'n "hy/sy" wat binne die verhaal staan. Hierdie fokalisator kan nie alles weet of oral wees nie en sy eie visie bepaal die beoordeling van wat hy sien. Die leser moet hiervan kennis neem.
- 'n **Karaktergebonde fokalisator** is 'n spesiale vorm van interne fokalisasie. Een van die karakters is die fokalisator en gee sy siening, mening en oordeel van gebeure en ander karakters. In *thomas@rock-ster.net* is die hoofkarakter, Thomas, die fokalisator.

Vrae oor die verteller en fokalisator

1. Watter soort verteller kry ons in *thomas@rock-ster.net*?
2. Is die verteller geloofwaardig? Hoekom?
3. Deur wie se oë sien ons die gebeure en karakters?
4. Sou die storie anders gewees het as dit vanuit iemand anders se oogpunt vertel is?


7. Intrige

Een van die basiese aspekte van 'n verhaal is dat daar dinge met die karakters gebeur; hulle handel en tree op. Handeling is een van die fundamentele elemente van 'n vertelling. Dit hoef nie net uiterlik te wees nie, dit kan ook innerlik, in 'n persoon se gedagtes of drome, wees.

Die intrige of plot is die reeks gebeure waaruit 'n verhaal opgebou is. Die intrige is onlosmaaklik deel van die handeling. Die intrige of plot is die belangrikste deel van 'n verhaal, want sonder gebeure kan daar nie 'n verhaal wees nie.

'n Verhaal verskaf 'n prentjie van die lewe in beweging, soos dit van oomblik tot oomblik ontwikkel en verander. Dit impliseer dat daar noodwendig 'n bepaalde aanvangsoomblik moet wees, met progressie in die handeling, bewegende na die slotoomblik.

Die klassieke plot lyk soos volg:



Vrae oor die intrige/plot

1. Dink julle dat *thomas@rock-ster.net* se intrige soos hierdie kurwe lyk? Hoekom?
2. Waar dink julle was die klimaks van die verhaal?
3. Billy haat vir Thomas en meneer Fourie. Beïnvloed dit die verhaal? Verduidelik kortliks.
4. Dink julle meneer Volschenk is te streng en onregverdig? Het dit 'n uitwerking op die verhaal?

8. Karakterisering

Sonder karakters kan daar geen verhaal wees nie. Die karakter moet menslike eienskappe hê en die leser moet homself of iemand anders in 'n bepaalde karakter kan herken. Die skrywer selekteer slegs sekere feite wat nodig is om die karakter in sy ontwikkeling uit te beeld.

Karakters word tradisioneel in “**ronde**” (**driedimensionele**) en “**plat**” (**tweedimensionele**) karakters ingedeel. Die ronde karakters is nie net goed of sleg nie, maar ware mense. Dié tipe karakter ondergaan ook 'n soort innerlike ontwikkeling of progressie deur die loop van die verhaal. Die plat karakters bly meestal tipes en word nie as “werklike” mense voorgestel nie. Hulle is voorstelbaar en sonder verrassende moontlikhede, ontwikkel min of niks en kan in enkele woorde geskets word. Thomas is 'n ronde karakter, terwyl Piet Senekal, byvoorbeeld, 'n plat karakter is.

Daar word van **direkte en indirekte uitbeelding** gebruik gemaak om 'n karakter te skep.

Direkte uitbeelding is wanneer die skrywer direk te werk gaan en openlik vir die leser vertel wie en wat die karakter is, hoe hy lyk en waarom hy doen wat hy doen. Die volgende vrae kan nuttig wees om die karakteriseringstegnieke raak te sien:

- Watter inligting kom uit **direkte beskrywings** van die karakter na vore? Hoe lyk hy, watter klere dra hy, wat is sy lyftaal en houding teenoor sy omgewing en ander karakters? Dink byvoorbeeld hier aan Thomas wat tuis sit en dink oor die dag wat verby is. Hy sug, voel seergemaak oor hy nie saam met sy vriende in die band is nie en dink die lewe suig.
- Watter **kommentaar** word deur die verteller op 'n karakter gelewer? Thomas, as fokalisator, lewer baie kommentaar op die ander karakters in die verhaal. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe hy meneer Volschenk beskryf.
- Wat **doen** en **sê** die karakter? Wat kan jy van sy doen en late oor sy persoonlikheid aflei? Thomas is lief vir rekenaarspeletjies, Facebook en MXit. Hy het “vier pelle wat meer werd is as duisend vriende op Facebook”. En dan is daar ook Alex, die meisie in sy lewe. Hy hou van sport en is lief vir pizza. Hy is egter ook vol selfbejammering as dinge nie vlot verloop nie. Handeling en

dialogoog is van die beste karakteriseringstegnieke wat gebruik word.

Indirekte uitbeelding gee inligting oor die karakter op 'n indirekte wyse. Die volgende vrae kan hiermee help:

- Wat **sê** en **dink** die ander karakters van mekaar? Thomas het baie vriende, maar Billy Fourie en meneer Volschenk hou nie van hom nie. Kyk wat Alex, Louisa, Hannes, Fleur en meneer Volschenk alles oor Thomas te sê het.
- Watter **kommentaar** word **indirek** op die karakter gelewer deur ander karakters se houding teenoor hom?
- Wat is die **verhouding** tussen die karakters?

In elke verhaal is daar 'n **protagonis** (die hoofkarakter, in hierdie geval Thomas Steyn) en 'n **antagonis** (wat gewoonlik teenoor die hoofkarakter staan, in dié geval veral Billy Fourie). Die verhaal wentel om die protagonis en dit is ook gewoonlik dié karakter se gevoelens en gedagtes wat op die voorgrond is. Die antagonis is die karakter wat die protagonis teenstaan of hom probeer verhoed om sy doel te bereik. In 'n verhaal kan daar meer as een protagonis of antagonis wees.

In thomas@rock-ster.net is Thomas die protagonis. Daar is egter verskeie antagoniste. Eerstens is daar Billy Fourie wat haatdraend teenoor Thomas is omdat hy oortuig is daarvan dat die rugbyafrigter, meneer Du Toit, sy posisie in die rugbyspan sommer net so vir Thomas gegee het. Ná 'n woordewisseling besmeer Thomas Billy se T-hemp met verf en Billy sweer wraak. Dan is daar ook meneer Volschenk wat nie van Thomas hou nie, hom nooit kans gee om homself te verdedig nie en Thomas selfs as 'n moordenaar bestempel.

Dis baie belangrik vir 'n karakter om geloofwaardig te wees. As 'n karakter nie geloofwaardig is nie, sal die leser nie met hom kan identifiseer nie. Die karakter se handeling en dialoog moet pas by die "gewone lewe". Geloofwaardigheid het dus te make met die leser se persepsies oor karakters en die situasies waarin hulle hulself bevind.

Stereotipering moet ook nie te veel gebruik word nie. 'n Stereotipe is 'n ooreenvoudigde idee van 'n persoon of 'n groep mense.

Vrae oor die karakters (makliker vrae)

1. Wie is die hoofkarakter in *thomas@rock-ster.net*?
2. Watter karakters is goeie vriende met die hoofkarakter?
3. Watter karakters hou nie van die hoofkarakter nie?
4. Hoe lyk Thomas? Beskryf hom in soveel moontlik detail.
5. Wat weet ons van Thomas se persoonlikheid?
6. Wat is die verhouding tussen Louisa en Thomas?

Vrae oor die karakters (moeiliker vrae)

1. Is daar 'n duidelike protagonis in *thomas@rock-ster.net*?
2. Is daar net een antagonis? Wie is die hoofantagonis? Verduidelik.
3. Op watter maniere word Thomas gekarakteriseer?
4. Op watter maniere word meneer Volschenk gekarakteriseer?
5. Is die karakters vir julle geloofwaardig? Verduidelik.
6. Is daar enige karakters wat julle voel die verhaal swakker maak? Hoekom?
7. Is daar enige karakters in die verhaal wat as stereotipes gesien kan word? Verduidelik.

9. Temas, motiewe en simbole

Temas

Die tema in 'n verhaal is die grondgedagte waaromheen die verhaal plaasvind, bv. terrorisme, droogte, jaloesie, moord, ens. Die tema kan enkelvoudig of verwickeld wees. Dit is die deurdringende lewenswysheid wat in die verhaal vergestalt word. Die tema is ook die draer van die boodskap van die verhaal. Die boodskap is die moontlike universele insig of wat die skrywer wil hê die leser uit die verhaal moet kry. Die tema in *thomas@rock-ster.net* is dat 'n jong seun, Thomas, deur jeugliefde, vinnig groeiende tegnologie, jaloesie, haatdraendheid en geweld, sy pad deur die lewe moet vind. Dit is nie altyd vir hom maklik nie en hy moet waak teen selfbejammering.

Motiewe

'n Motief is 'n element wat herhaaldelik in verhale voorkom en tradisioneel het so 'n element telkens dieselfde betekenis, soos byvoorbeeld die rooi roos wat in verband met die liefde staan. Die saak en die betekenis van die verhaal word in die motief saamgevat. Wanneer 'n motief herhaaldelik in 'n verhaal gebruik word, kry so 'n motief meer betekenis. Só 'n motief word ook dan die draer van die tema. Daar moet egter onderskei word tussen die motief en die tema. 'n Motief is 'n konkrete tekselement wat in die verhaal voorkom, terwyl die tema die abstrakte betekenis van hierdie tekselement (motief) is. Byvoorbeeld, in *thomas@rock-ster.net*, kan jeugliefde, geweld, tegnologie (selfone en rekenaars) en vriendskap almal as motiewe gesien word.

Simbole

Wanneer 'n bepaalde saak of beeld herhaaldelik in 'n verhaal voorkom, kan dit simboliese betekenis kry. So 'n beeld of saak word dan 'n simbool, wat telkens 'n hele reeks betekenis en emosies by die leser oproep. So is die kruis die simbool van die Christendom, terwyl die lelie reinheid simboliseer.

Vrae oor die tema, motiewe en simbole

1. Wat dink julle is belangrike motiewe in die verhaal?

2. Dink julle daar is enige simbole in *thomas@rock-ster.net*?
3. Wat is die tema van *thomas@rock-ster.net*?
4. Dink julle Thomas is 'n goeie voorbeeld van 'n gemiddelde tiener? Verduidelik.

10. Taalgebruik

Gepaste taalgebruik is taalgebruik wat binne 'n bepaalde konteks op stilistiese vlak vir die leser aanvaarbaar is. Met ander woorde, die spesifieke konteks waarbinne die verhaal afspeel, bepaal of die taalgebruik in die verhaal vir die leser aanvaarbaar gaan wees. 'n Jeugboek, soos *thomas@rock-ster.net*, gaan nie vir jongmense geskik wees as dit in perfekte en korrekte Afrikaans geskryf is nie. Dit is nie hoe tieners praat nie. As die lesers nie met die taalgebruik kan identifiseer nie, gaan hulle die boek ook nie as geloofwaardig beskou nie.

thomas@rock-ster.net is in loslit-Afrikaans geskryf, dit is geskryf soos die gemiddelde tiener deesdae praat. Die vraag is nou: Gaan dié boeke se taalgebruik 'n invloed hê op die gewildheid van die boeke oor twintig jaar? Is hierdie taalgebruik aanvaarbaar vir die leerders? Laat hulle gerus daarvoor gesels.

Jargon

Die tegniese woordeskat van 'n stelsel, bedryf of saak, byvoorbeeld rekenaartermen en mediese verwysings.

Register

Dit gaan hier oor die wyse waarop 'n mens praat of skryf. Die register hang dikwels af van die konteks, iemand sal dus op 'n sekere manier in sy werkgewer se kantoor praat, maar op 'n heel ander manier as hy tussen sy vriende is. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe Thomas met meneer Volschenk praat en hoe hy met sy vriende praat.

Vrae oor die taalgebruik

1. Kyk na Thomas en sy vriende se taalgebruik. Dink julle dis hoe tieners praat, of nie? Dink julle dit gaan verouderd raak? Hoe kom sê julle so?
2. Dink julle dit is aanvaarbaar om Engelse woorde in Afrikaanse sinne te gebruik, of nie?
3. Is daar enige gebruik van jargon in *thomas@rock-ster.net*? Verduidelik.

11. Opsomming van die boek

Dit is 'n Maandag en Thomas gaan maak 'n draai by sy vriend Hannes, wat die naweek op Hermanus was. Hannes staan hupeloos met 'n kitaar en kondig aan dat hy 'n rock-ster gaan word. Tot sy skok hoor Thomas dat sy vriende 'n band begin het sonder om hom daarvan te sê. Hy voel seergemaak. Om sy ellende te vererger, beland hy die volgende dag in die skoolhoof se kantoor. Hy het 'n leë koeldrankblikkie geskop wat meneer Volschenk tussen die oë getref het. Sy straf is om die skoolsaal alleen oor naweke te verf, sodat dit gereed sal wees vir die Radikale Rockfees wat oor drie weke daar plaasvind. Piet Senekal se pa het die verf geskenk. Thabo kom kuier die middag vir Thomas en verduidelik hoe die band, die Hectic Hamburgers, sonder sy medewete ontstaan het. Thomas voel beter en bied sy hulp aan.

Die naweek verf Thomas terwyl die band in die saal oefen. Die band is uiters swak en Thomas stel voor hulle ruil plekke. Thomas se meisie, Alex, sal help om die liedjies te skryf en sy word hoof-sanger. Terwyl hulle nog oefen, kom Billy Fourie en Piet Senekal daar aan. Billy haat vir Thomas omdat Thomas sy posisie in die rugbyspan gekry het. Hy glo die afrigter, meneer Du Toit, het sy plek vir Thomas gegee, daarom haat hy hom ook. Billy soek skoor met Thomas en uiteindelik kom Thomas Billy se T-hemp met sy verfroller by. Billy sweer wraak.

Billy begin sy wraakveldtog deur die nuutgeverfde saalmuur met graffiti te bemors. Thomas word weer kantoor toe ontbied en word gedwing om skuld vir die vandalisme te aanvaar. Hy moet die werk oordoen. Intussen beraam Billy en Piet planne om die Hectic Hamburgers te kelder sodat hul eie band, Grondboontjiebotter, 'n beter kans staan om te wen. Gelukkig hoor Thomas hoe die twee konkel en kan betyds optree om hulle planne te fruik.

Thomas se probleem vererger toe Fleur Vermaak, die sepie-ster, hom by die krietetoefening kom opsoek en troos soek vir haar persoonlike probleme. Billy neem steelfoto's van die twee en plaas dit op Facebook. Alex se hart is gebreek oor wat sy as Thomas se ontrouheid bestempel en sy verbreek hulle verhouding. Toe Thomas vir Alex 'n briefie en sjokolade wil gee om jammer te sê, sien hy haar in Hannes se arms.

'n Paar dae later kry Fleur hom waar hy moedeloos in 'n eetplek sit. Sy belowe om hom te help om Alex terug te wen en kry die nodige inligting van hom.

'n Paar aande later moet Thomas leer vir 'n toets. Sy tas is by die skool en hy gaan haal dit. By die aantrekkamers tref hy Billy Fourie en meneer Du Toit aan. Billy het die rugbyballe stukkend gesteek en staan met 'n mes in sy hand. Meneer Du Toit konfronteer hom daarvoor. Voor Thomas se oë steek Billy meneer Du Toit in die rug met sy mes en hardloop dan weg. Hy stamp Thomas sodat hy val en sy oogbank seermaak. Thomas hou egter kop en help meneer Du Toit. Hy probeer die bloeding stop en bel 'n ambulans. Dan verskyn meneer Volschenk op die toneel en aanvaar dadelik dat Thomas vir meneer Du Toit aangeval het. Hy noem Thomas 'n moordenaar en sê hy sal lewenslank tronk toe gaan. Die ambulans daag op en Thomas hardloop huis toe.

By die huis sak Thomas inmekaar en word bygestaan deur sy stiefma, Louisa, en sy pa. Thomas se pa bel die polisie om 'n verklaring te kom afneem. Hulle verkry ook 'n verklaring van die be-seerde meneer Du Toit. Sy toestand is kritiek, maar hy sal dit maak.

'n Paar uur nadat Thomas 'n slaappil gedrink het, word hy wakker en al waaraan hy kan dink, is Alex. Hy luister na sy foonboodskappe en besef Billy is moontlik in die skoolsaal waar Alex-hulle oefen. Hy waarsku sy pa en hardloop weer skool toe. Sy vermoedens word bevestig toe hy sien hoe Alex en Thabo deur Billy met 'n mes aangehou word. Billy se mes is teen Alex se nek. Thomas slaag daarin om Billy bewusteloos te slaan en Alex te red. Sy het haar sleutelbeen gebreek. Die polisie storm saam met Thomas se pa by die saaldeur in. Later word Billy uit die skool verwyder en moet vir sielkundige waarneming gaan, terwyl meneer Volschenk 'n waarskuwing van die onderwysdepartement kry.

Alex kan nie meer in die kompetisie sing nie en vra Fleur om haar plek in te neem. Fleur het haar verseker dat sy nie in Thomas belangstel nie. Fleur kom haar belofte aan Thomas na deur op 'n romantiese manier te help om hom en Alex te versoen.

Die aand van die rockfees is die band op hulle stukke en Thomas en Alex staan liefderik langs mekaar in die vleuels. Hulle is oortuig daarvan dat die band gaan wen.

12. Voorgestelde antwoorde

Titel, omslag en flapteks

1. Die titel is heel gepas, aangesien bands en voornemende rocksterre 'n groot rol in die verhaal speel. Daar is ook 'n mobibladd met 'n soortgelyke naam: *m.thomas@-rockster.net*. waarmee 'n spesiale program vir jou selfoon afgelaai kan word. Met dié program kan QR-kodes gelees word.
2. Die titel gee die eerste aanduiding oor die inhoud van die boek. Tesame met die voorblad en flapteks, is dit ook een van die eerste dinge wat die leser trek.
3. Eie antwoorde oor watter boeke in die reeks al gelees is. Die titel is in dieselfde formaat as die vorige boeke in die reeks, byvoorbeeld *thomas@.....net*.
4. Eie antwoorde. Die voorblad maak my lus om die boek te lees. Thomas het 'n ondeunde uitdrukking op sy gesig en mens wonder wat hy in die mou voer. 'n Mens wil ook weet hoe die kitaar en die hart in die prentjie pas.
5. Die voorblaaie stem beslis ooreen, want Thomas is op elke voorblad. Van die verskille is dat Alex op sommige van die voorblaaie verskyn en nie op ander nie. Die fokalisasiepunte saam met Thomas verskil ook van boek tot boek. Hier is dit 'n kitaar en op *thomas@SMS.net* is dit weer 'n geheimsinnige donker figuur en 'n selfoon.
6. Dit is uiters funksioneel dat Thomas op die voorblad is, want hy is die hoofkarakter. Die hoofkarakter se naam, Thomas, is ook deel van die titel, net soos in al die ander boeke in die reeks. Dit help die leser ook om 'n idee te kry van hoe Thomas lyk.
7. Die titel en die omslag pas bymekaar. Die kitaar op die omslag en die woord **rock-ster** in die titel hou verband met mekaar.
8. Eie antwoorde. Miskien kon die band saam met Thomas op die voorblad wees, of dalk net Hannes en die kitaar saam met Thomas.
9. Ek dink nie die flapteks gee te veel van die boek weg nie; dit maak 'n mens net lus om die boek te lees en meer uit te vind oor die "iets" wat gaan gebeur en al Thomas se ander probleme na kinderspeletjies laat lyk.

Hoofstuk 1

- 1.1 Karen Zoid s'n.
- 1.2 Dit het hom kans gegee om te besef hoeveel talent hy het.
- 1.3 Nee, Hannes maak onaardse geluide as hy pobeer sing en hy hou die kitaar net vas; hy kan nie speel nie
- 1.4 Hy wil eers kyk of dit vir hom werk.
- 1.5 1.5.4 – Bands is chick-magnete.
- 1.6 Thabo s'n.
- 1.7 Hectic Hamburgers.
- 1.8 Hulle hoop om oulike meisies met die band te lok. Aangesien Thomas reeds 'n meisie, Alex, het, het hulle dit nie nodig geag om hom te vertel nie.
- 1.9 "...so asof hy nie eintlik meer deel is van die vriendekring nie."
- 1.10 Hannes se pa kan nou nie meer saam met hom skubaduik of rugby speel nie.

Hoofstuk 2

- 2.1 Wat 'n QR-kode is en hoe om 'n QR-kodeleser vir jou foon af te laai.
- 2.2.1 Sy slaan haar arms om Hannes en gee hom 'n drukkie.
- 2.2.2 Thomas draai om en stap weg. Hy ruk Alex aan haar arm en trek haar saam.
- 2.2.3 Sy sê Hannes is haar pel en 'n mens kan 'n pel maar 'n drukkie gee.
- 2.2.4 Alex sê Hannes kan doen wat hy wil; hy hoef nie altyd alles vir Thomas te sê nie en hoef ook nie net te doen wat Thomas vir hom voorskryf nie.
- 2.3 Thomas se vriende was bang vir sy kritiek, dat hy sou sê die band is dof. Hulle wou ook eers kyk of die band sou werk en alles het ook baie vining gebeur.
- 2.4 2.4.3 – baie aandag.
- 2.5.1 Hy was vies omdat die Marais-tweeling sy tas omgeskop het.
- 2.5.2 Vir meneer Volschenk, die skoolhoof.
- 2.5.3 Hulle is geskok.
- 2.5.4 Hy moet alleen oor naweke die skoolsaal, tegniese kamer en aantrekkamers verf.

- 2.6 Want Thomas se advokaatpa sal inmeng met een of ander wet en hom stop.

Hoofstuk 3

- 3.1 Sy vriende het 'n band begin en het hom uitgesluit.
Sy meisie het hom uitgetrap.
Hy is in die moeilikheid by die hoof en het strafwerk gekry.
- 3.2 Thomas se pa maak of hy hoes en hou die koerant voor sy gesig. Eintlik moet hy sy lag bedwing.
- 3.3 Hy het vriende.
Hy is die sportheld.
Hy het 'n oulike meisie.
Sy punte is nie te sleg nie.
- 3.4.1 Louisa sê Thomas moet vir Hannes los om musiek te maak as hy wil. Hannes moet ook die kans gegun word om iets te doen wat hom in die kollig sal plaas.
- 3.4.2 Alex.
- 3.5 Ja. Hy sê Hannes moet nou iets doen waarvan hy hou, want hy loop altyd in Thomas se skaduwee. Thomas kan self ook iets doen waarvan hy hou; sonder sy vriende. Hy moet 'n individu wees.

Hoofstuk 4

- 4.1
- 4.1.5 Thabo ontmoet 'n oulike meisie by 'n partytjie.
- 4.1.7 Thabo wil die meisie beïndruk en sê hy is in 'n band.
- 4.1.3 Thabo besluit daar en dan om sy eie band te begin.
- 4.1.8 Thabo SMS vir Hannes en vra of hy deel van sy band wil wees.
- 4.1.4 Hannes stem in.
- 4.1.1 Hannes SMS vir Lukas oor die band.
- 4.1.6 Hannes vertel vir Alex ook van die band.
- 4.1.2 Die band besluit om eers te oefen voordat hulle vir Thomas inlig.
- 4.2 Ja, dit is geloofwaardig. Thomas sê self as hulle hom van die band vertel het, sou hy onmiddellik gesê het dit is dom. Hannes wou ook eers oefen om Thomas te beïndruk.
- 4.3 Thomas was saam met sy pa en Louisa by 'n konsert.

- 4.4.1 Dat Thabo baie vinnig praat.
- 4.4.2 Ja, die Gautrein is bekend vir sy hoë spoed, en Red Bull is 'n energiedrankie.
- 4.5 Ja, hy hou daarvan. Aangesien 'n mens self jou slagoffer kan kies, sal hy meneer Volschenk kies. Hy sal so uiting kan gee aan sy frustrasie en woede.
- 4.6 Thomas SMS vir Hannes en sê hy is jammer en bied ook hulp aan.
- 4.7 Simon se ma is nuuskierig en wil alles weet wat hy doen. Hy het geen privaatheid nie. Thomas se pa en stiefma, Louisa, gun hom privaatheid.
- 4.8 Hulle skep vir hom 'n private kanaal, "Simonchat", waarvoor hy sy eie wagwoord gebruik. Sy ma sal nie die wagwoord ken nie.
- 4.9 Jammer. Ek was dom oor die orkes. Julle het seker 'n ou nodig om goed rond te dra en plakgate op te sit. Ek is daardie ou. Julle gaan te besig wees met die meisies en aanhangers!

Hoofstuk 5

- 5.1 Nee.
Thabo het hulle op sy selfoon opgeneem en hulle klink vreeslik.
Die kitaar klink soos 'n klavier wat by 'n stel trappe afgegooi word.
Op die oomblik klink hulle 'n bietjie soos Lara wat 'n geraas maak met 'n houtlepel en 'n pan.
Thabo sê Hannes kan nie regtig speel nie en Lukas kan nie sing nie en hy slaan sommer net die dromme.
- 5.2 Thomas se maats het hom eers uitgesluit uit die band.
- 5.3 Thomas druk vir Alex vas en soen haar voor sy maats.
- 5.4 Eie antwoorde. Kan positief of negatief wees.
- 5.5 Alex het vir Hannes in die bres getree en hom 'n drukkie gegee.
- 5.6 Hulle moet omruil: Thabo moet die kitaar speel, Lukas moet dromme speel en Hannes moet sing. Alex moet hulle help om die oorspronklike liedjie te skryf. Later het hy voorgestel dat Alex in Hannes se plek moet sing.

- 5.7 Alex neem musiek en wen gereeld by die eisteddfod toekennings vir komponering.
- 5.8 Die persoon wat alles bederf.
- 5.9 Nee, hy is aangedaan omdat hy besef hoe baie sy vriende vir hom werd is.

Hoofstuk 6

- 6.1 “Niemand wil dit sê nie, maar tensy Hannes ’n stemoorplanting kry, sal hy nie die hoofsanger kan wees nie.”
- 6.2 Sy sê nie prontuit dat Hannes nie kan sing nie. Sy sê sy dink nie Hannes se stem is reg vir die soort liedjies wat sy skryf nie.
- 6.3 Thomas stel voor dat Alex liever moet sing.
- 6.4 Nee, hy is irriterend en probeer gedurig in die onderwysers se guns kom. Hy is altyd soos Billy se skaduwee.
- 6.5 Ja; hy suig soos ’n stofsuiwer (Electrolux) om die onderwysers se guns te wen.
- 6.6 Dat Thomas oneerlik is en ouens kry om sy strafwerk vir hom te doen.
- 6.7 Hy sê hy is nie in hulle skool nie; dus mag hy Thomas help verf.
- 6.8 Hulle het professionele spelers en toerusting.
- 6.9 Dat Thomas daarvoor gaan betaal.
- 6.10 Eie antwoorde.
- 6.11 6.11.2 – Hy sal in groter moeilikheid by die hoof beland.
6.11.4 – Geweld is nie ’n oplossing nie.

Hoofstuk 7

- 7.1.1 D
- 7.1.2 C
- 7.1.3 E
- 7.1.4 B
- 7.1.5 A
- 7.2 Ja.
 - Dit het in hulle Victoriaanse huis begin spook en dit blyk toe dat iemand in Thomas se kamer vermoor is.
 - Thomas en sy vriende het op ’n vreeslike rekenaarvirus afgekom, wat mense amper bankrot kon laat.

- Thomas-hulle was in aanraking met perlemoensmokke-
laars by die see.
 - Gedurende 'n skoolkamp was daar 'n monsteragtige
ding in 'n verlate huis, wat hulle deur die bos gejaag het.
- 7.3 Lilian het 'n kerkkoorkompetisie op dieselfde aand as die
rockfees en sy moet twee solo's sing.
- 7.4 Nee. Thomas gaan baie besig wees met die bemerking
van die band en dan is daar nog Billy Fourie wat aanme-
kaar vir hom moeilikheid maak.
- 7.5 Lilian wil 'n Facebook-groep stig en op Twitter geheimsin-
nige "twiets" plaas.
- 7.6 Dat Piet verwyfd is en hom meisieagtig gedra.

Hoofstuk 8

- 8.1 Billy (en Piet) het 'n blik verf op die saalvloer omgegooi en
graffiti (JA VIR DIE HECTIC HAMBURGERS!!!!) in groot
rooi letters teen die nuutgeverfde saalmuur gevef. Die
hoof het Thomas daarvoor verantwoordelik gehou en hy
moes die gemors opruim.
- 8.2.1 lid
- 8.2.2 verbied
- 8.2.3 Radikale
- 8.2.4 gereeld
- 8.2.5 verkeerde
- 8.2.6 vandalisme
- 8.2.7 deelname
- 8.2.8 waarheid
- 8.2.9 leuen
- 8.3 Thomas se pa is 'n advokaat en hy sal sy seun beskerm.
Hy sal sy kennis van die wet gebruik om sy seun se on-
skuld te bewys.
- 8.4 Die hoof het 'n vooropgestelde idee van Thomas, naamlik
dat hy 'n moeilikheidmaker is, dat hy nie na volwasse rede
luister nie, dat hy nie sy meerderes respekteer nie en altyd
agter sy pa skuil. Die hoof hou nie van Thomas nie en
soek 'n rede om van hom ontslae te raak.
- 8.5 Aan die feit dat Thomas ontevrede was met sy straf en dat
hy hom deur vandalisme wou wreek.

- 8.6 Meneer Volschenk word karikatuuragtig voorgestel met sy Oros-mannetjie-voorkoms en waggelstap. Sy asem ruik suur en sy liggaam het die reuk van ou sweet. Thomas sien hom as walglik en gemeen.
- 8.7 Ja, dit wil so voorkom. Meneer Volschenk gee hom nooit kans om sy kant van 'n saak te stel en homself te verdedig nie; hy aanvaar altyd net dat Thomas skuldig is en hy word dan gestraf.
- 8.8 Eie antwoorde. Die meeste leerders sal nie van 'n hoof hou wat so bevooroordeeld en onversorgd is nie. Meneer Volschenk se gewoonte om preke af te steek en straf uit te deel, sal nie byval by die meeste leerders vind nie. Veral hinderlik is die feit dat hy voortrekkerig is en witbroodjies het. Hy is skynbaar nie altyd bereid om met leerders in gesprek te tree nie en gee voorkeur aan leerders wie se ouers die skool finansieel ondersteun.

Hoofstuk 9

- 9.1.1 Billy Fourie
- 9.1.2 Meneer Volschenk
- 9.1.3 Lilian
- 9.1.4 Thomas
- 9.2 Hy het al sy sakgeld gebruik om die skool se terreinpersoneel te betaal om die gemors in die saal op te ruim en die verfwerk klaar te maak.
- 9.3 Lilian help hulle met bewegings wat hulle op die verhoog kan uitvoer terwyl hulle speel.
- 9.4 Lilian moet belowe dat sy niemand sal vertel van Billy se wraak en Thomas se onderonsie met die hoof nie.
- 9.5 Waarskynlik omdat hy nie in verdere moeilikheid by die skool en hoof wil kom nie.
- 9.6 Om dit op Twitter en Facebook te doen waar die hoof dit nie sal sien nie.

Hoofstuk 10

- 10.1 Redes:
- Alex en Hannes vat aan mekaar en maak grappies voor Thomas.

- Hulle is baie in mekaar se geselskap.
 - Hannes het vir Alex van die band vertel, maar nie vir Thomas nie.
 - Alex het vir Thomas uitgetrap omdat hy negatiewe dinge van Hannes sê.
- 10.2 Nee. Alex dink maar net dat Hannes baie snaaks is. Hannes wou ook nie vir Thomas van die band vertel nie, want hy was bang Thomas sou vir hulle lag; dus het hy net vir Alex daarvan vertel. Hannes en Alex is net vriende.
- 10.3 Jy benadeel iemand in sy liefdeslewe.
- 10.4 Hannes en Thomas se vriendskap en Thomas en Alex se verhouding.
- 10.5 Hy wil eers spanning opbou.
- 10.6 Thomas wil 'n video-uittreksel van 'n onderhoud en 'n stukkie van 'n liedjie op YouTube sit.
- 10.7 “Dis erg genoeg om vyf dae per week in die Leeukoptronk te sit met 'n bewaarder wat erger as 'n bloedarmoedige vampier is.”

Hoofstuk 11

- 11.1 Redes:
- Fleur trek verleidelik aan; 'n kort mini en 'n stywe T-hemp.
 - Sy neem die voortou, vleg haar arm deur Thomas s'n en nooi hom om by haar te kom sit.
 - Sy huil en druk haar gesig teen Thomas se bors.
 - Sy streef met haar vingers oor Thomas se wang en sê dit is jammer dat hy 'n meisie het.
- 11.2 Thomas het saam met Fleur in 'n sepie gespeel.
- 11.3 Nee, Alex is ook mooi, baie slim en talentvol. Vir die wêreldwyse en beeldskone Fleur mag sy dalk gewoon voorkom.
- 11.4 Thomas vervies hom as Alex vir Hannes 'n drukkies gee, maar nou laat hy Fleur toe om veel meer te doen. Hy streef Fleur se rug terwyl sy met haar kop teen sy bors lê. Hy is nou self skuldig.
- 11.5 Eie antwoorde. Hopelik sal leerders “ja” sê. Die meeste mense sal tog vir hul meisie of ou in die bres tree.
- 11.6 Sy het tutors wat vir haar by die ateljee klas gee.
- 11.7 Sy wil vir Thomas laat weet dat hy anders as die akteurs is;

dat hy eg is, haar verstaan en haar eensaamheid kan verdryf.

Hoofstuk 12

12.1

¹ K	R	I	E	K	E	⁹ T			¹⁰ S
						R			E
⁶ A						O			L
² F	A	⁷ C	E	⁸ B	O	O	K		F
V		N		I		S			O
R		N		L					O
Y			³ F	L	E	U	R		N
				Y					
⁴ S	U	I	G		⁵ F	O	T	O	S

- 12.2 Thomas het gedink Fleur is 'n mooi, blonde meisie met 'n leë kop.
- 12.3 Fleur weet wat in die nuus aangaan, sy kyk CNN en lees die koerante.
- 12.4 Hulle het foto's van Fleur en Thomas op Facebook gesien.
- 12.5 Alex stap koponderstebo en huilend by die huis uit. Sy wil niks met Thomas te doen hê nie.
- 12.6 Billy en Piet het daardie dag agter Lilian en Hannes in die rekenaarklas gesit. Hannes het Thomas se e-pos aan die band oopgemaak en weer gelees. Hannes is badkamer toe en Lilian het iets vir die onderwyser gaan vra. Billy-hulle het toe toegang tot die e-pos gehad en kon op die band se profiel ingaan.
- 12.7 Thomas sal die band se profiel toemaak en 'n ander een skep.
- 12.8 Toe Thomas en Hannes mekaar van die gemors beskuldig, gaan staan Thabo voor hulle en vra hulle om te kalmeer.

Hoofstuk 13

- 13.1 Alex sê Thomas het vir haar gejoj oor die rugbyoefening en beweer hy het 'n afspraak met Fleur gehad. Alex kan Thomas nie meer vertrou nie. Hy is ook selfsugtig en patesies. Thomas kan sy vriende nie goed hanteer nie en hy dink ook gedurig dat sy lewe suig. Verder dink hy alles en almal skuld hom iets. Alex is moeg vir al hierdie negatiewe dinge.
- 13.2 Billy het die steelfoto's van Thomas en Fleur op al die kennisgewingsborde by die skool gesit.
- 13.3 Eie antwoorde. Heel waarskynlik sou leerders dieselfde opgetree het. Die hele Fleur-episode lyk verdag en die foto's moes Alex geskok het.
- 13.4 Nee, Thomas dink sy lewe suig, want sy vriende haat hom, sy meisie het hom gelos en die hoof dink hy is 'n jeugmisdadiger.
- 13.5 Hannes.
- 13.6 "Hannes staan oopmond en gaap Thomas aan."
- 13.7 Nee, Thomas is sarkasties.
- 13.8 Hannes was vroeg by die skool en het al die steelfoto's probeer verwyder.
- 13.9 Hy swem so swak dat 'n graadviermeisie hom sou kon wen.
- 13.10 Billy is skoorsoekerig en Thomas se houding laat veel te wense oor.
- 13.11 Thomas knik om te wys hy verstaan, maar Billy kyk die onderwyser moorddadig aan.

Hoofstuk 14

- 14.1 Hy skryf 'n briefie waarin hy sê hoe jammer hy is en koop vir haar duur sjokolade.
- 14.2 Om daardie woorde te beklemtoon.
- 14.3 Dat hy die briefie verskeie kere oorgeskryf het.
- 14.4 Carla sê Thomas moet weet Alex is ernstig oor hulle verhouding. Sy sê Alex is waarskynlik verward en Fleur sal haar, soos enige ander meisie, onseker laat voel. Carla stel voor dat Thomas met Alex gaan praat en vir haar sê hoe hy voel. Hy moet haar dan nog 'n kans gee.

- 14.5 Eie antwoorde. Hoewel dit verdag lyk, is Hannes dalk net besig om Alex te troos.
- 14.6 Thomas kon nie verstaan waarom Alex kwaad was oor die foto's van hom en Fleur nie. Hy het verwag sy moes in sy onskuld glo. Nou sien hy Alex in soortgelyke omstandighede en verdink haar dadelik.
- 14.7 Dit lyk nie so nie, want hy gooi onmiddellik die sakkie met die briefie en sjokolade net daar neer en hardloop weg.

Hoofstuk 15

- 15.1 Dit pla Thomas dat die hoof die leerders “Leeukoppers” noem en dat hy hom nie krediet vir die verwerk gee nie.
- 15.2 Hy verwys negatief na Thabo se band as “Hannes le Roux en sy trawante” en positief na Billy-hulle se band as “Billy Fourie, Piet Senekal en vriende.”
- 15.3 Trawante is volgelinge in 'n ongunstige sin.
- 15.4 Thomas eet gedurende saalperiode. Die prefek aan diens beveel hom om die mikrofoon te gaan oppak en toesluit.
- 15.5 15.5.4 – eerlik te werk gaan.
- 15.6 Hulle het professionele spelers, studente, in hulle band. Slegs skoliere mag deelneem.
- 15.7.1 Snotburgers
- 15.7.2 liedjies
- 15.7.3 alfabeties
- 15.7.4 Grondboontjebotter
- 15.7.5 opnemer
- 15.7.6 diefstal
- 15.8 Billy glo meneer Du Toit het sy posisie as losskakel in die rugbyspan vir Thomas gegee.
- 15.9 Nee, Thomas se spel was soveel beter as Billy s'n dat hy gekies is as losskakel. Hy verdien dus sy posisie op grond van uitmuntende spel.
- 15.10 Eie antwoorde.

Hoofstuk 16

- 16.1 16.1.1 – bedremmeld
- 16.2 Fleur is die oorsaak daarvan dat Alex haar verhouding met Thomas verbreek het.

- 16.3 Die smoothie is die enigste manier waarop hy nou naby aan Alex kan voel.
- 16.4 Dat die foto's *in Huisgenoot* of *Son* gaan verskyn. Sy is ook bang dat sy vir 'n ruk lank nie sal kan uitgaan nie, omdat fotograwe haar sal inwag.
- 16.5 Almal in die eetplek staar betowerd na haar.
- 16.6 Aan 'n gebrek aan selfversekerdheid en die feit dat Alex afgeskeep en bedreig voel.
- 16.7 Sy gaan uit met ouens wat heelwat ouer as syself is.
- 16.8 Dat die ouens nie die meisies gaan soen nie; dus nie die situasie gaan uitbuit nie.
- 16.9 Dat Thomas vir Alex baie goed ken.
- 16.10 Redes:
- Thomas en Alex is 'n oulike paartjie.
 - Fleur is die rede waarom Alex vir Thomas gelos het.

Hoofstuk 17

- 17.1 Thomas het sy tas by die skool vergeet. Hy wil dit gaan haal sodat hy vir 'n toets kan leer.
- 17.2 Thomas sien meneer Du Toit met 'n stukkende rugbybal in sy hande en Billy Fourie met 'n mes in sy een hand en 'n stukkende rugbybal in sy ander hand. By sy voete lê 'n paar stukkende rugbyballe.
- 17.3 Meneer Du Toit draai om en Billy steek hom met die mes in sy rug.
- 17.4 Deur na die *CSI*-programme op TV te kyk, het hy iets van noodhulp geleer, soos om bloeding te stop. Hy het ook die Netcare-nommer daaruit geleer. Hy het sy selfoon gebruik om die ambulans van Netcare te ontbied.
- 17.5 Eie antwoorde.
- 17.6 Meneer Volschenk sien Thomas se bebloede hande en aanvaar dat Thomas en meneer Du Toit gestry het en dat Thomas se humeur die oorhand gekry het. Toe het hy die onderwyser in die rug gestek.
- 17.7 Eie antwoorde.
- 17.8 Letterlik: Thomas se hande is met bloed besmeer soos hy die bloeding probeer stop het. Figuurlik: Thomas het volgens meneer Volschenk 'n koelbloedige moord gepleeg.

- 17.9 Die hoof soek al lankal 'n rede om Thomas aan die pen te laat ry en van hom ontslae te raak. Nou sien hy sy kans.
- 17.10 Nee. Die polisie sal die saak deeglik ondersoek en sal beslis ook na Thomas se weergawe luister. Daar sal forensiese getuienis wees waarmee hulle kan werk.

Hoofstuk 18

- 18.1.1 Thomas huil van skok oor die gebeure en van magteloosheid en woede oor meneer Volschenk se aantygings.
- 18.1.2 Eintlik wil hy nie voor sy pa en Louisa huil nie. Dalk wil hy nie soos 'n swakkeling voorkom nie of dalk dink hy seuns behoort nie te huil nie.
- 18.2 Eie mening. Hopelik sê leerders “ja”. Seuns het ook gevoelens en behoort ook aan hul emosies uiting te kan gee.
- 18.3 Louisa gaan sit langs Thomas en druk hom styf vas. Sy kalmeer hom en bestel vir hom pizza, tap vir hom 'n warm bad in en gee vir hom 'n slaappil.
- 18.4 Dit is belangrik dat die polisie Thomas se verklaring kry voordat meneer Volschenk by hulle uitkom.
- 18.5 Meneer Du Toit se verklaring sal Thomas s'n staaf.
- 18.6 Die hoof wil hierdie ernstige aangeleentheid gebruik om sy vete teen Thomas verder te voer.
- 18.7 Meneer Du Toit is in 'n kritieke toestand, want die mes het sy long raakgesny.

Hoofstuk 19

- 19.1 Iets omtrent Alex het hom wakker gemaak.
- 19.2 Redes:
- Die polisie het Billy nog nie gekry nie.
 - Die band oefen daardie aand in die saal.
 - Iemand het hom van Alex se foon af probeer bel, maar hy hoor net bangerige stemme.
- 19.3 Daar heers 'n byna spookagtige atmosfeer. Dit word verkry deur beskrywings van stilte en verlatenheid; 'n ligte wind wat 'n leë blikkie kletterend laat rondrol en 'n dowwe lig wat spookagtige skaduwees teen die mure gooi.
- 19.4 Thomas sien Thabo op die verhoog sit en voor hom sit Alex en Billy. Billy hou 'n mes teen Alex se keel.

- 19.5 Eie antwoorde. Heel waarskynlik sal leerders dadelik verder wil lees omdat hoofstuk 19 op 'n geweldig spannende noot eindig: Billy hou vir Thabo en Alex gyselaar, met 'n mes teen Alex se keel. Die leser wil weet of sy gered gaan word.

Hoofstuk 20

- 20.1 Billy sal nie huiwer om sy mes te gebruik nie.
- 20.2 Billy dink nie meer rasideel nie; hy gaan net blindelings voort.
- 20.3 Thomas het sy strafwerk vroeër gehaat, maar nou is hy bly daarvoor. Die rede daarvoor is dat hy nou die kode ken waarmee die deur van die tegniese kamer oopgemaak word.
- 20.4 Thomas glo dat Billy hom daar by die saal gaan soek het om hom ook met sy mes by te kom. Billy tref egter vir Alex daar aan en hou haar gyselaar omdat sy deel van Thomas se lewe is.
- 20.5 Hy klim met 'n staalleer op die platform wat oor die verhoog loop en spring deur 'n kollig-opening bo-op Billy.
- 20.6 Thabo wys sy onbaatsugtigheid/dapperheid.
- 20.7 Hy hardloop nie weg toe Thomas hom beveel nie, maar help Thomas om Billy vas te trek.
- 20.8 Thomas se keel is baie droog.
- 20.9 Thomas sê vir Alex dat sy nogal indrukwekkend deur die lug getrek het. Hy het gedink sy gaan soos 'n gebreekte Mariebeskuitjie lyk.
- 20.10 Ja, hy weet nou wat aangaan, hy is 'n advokaat en ken die wet.
- 20.11 Eie antwoorde. Dit is egter glad nie aanvaarbaar nie.
- 20.12 Billy het skynbaar sielkundige probleme wat sy gedrag beïnvloed.
- 20.13 Eie antwoorde.

Hoofstuk 21

- 21.1 Fleur laat hope van Alex se gunstelingblomme by haar huis aflewer, tesame met Thomas se briefie en Lindt-sjokolade.
- 21.2 Alex en Fleur het voorheen nie van mekaar gehou nie.
- 21.3.1 Sy het haar sleutelbeen gebreek.

- 21.3.2 Fleur Vermaak.
- 21.3.3 Lilian.
- 21.4 Thomas vertel vir sy vriende dat Billy vir sielkundige waarneming gestuur gaan word.
- 21.5 Thomas voel jammer vir Billy omdat hy deur allerlei toetse moet gaan.
- 21.6 Eie antwoorde. Heel waarskynlik sal leerders jammer voel vir Billy, want hy het nie beheer oor sy emosionele probleme nie. Hy is dalk ook nie daarvoor verantwoordelik nie.
- 21.7 Alex dink dat Thomas romanties was om vir haar bosse van haar gunstelingblomme te stuur, terwyl dit eintlik Fleur se gedagte was.
- 21.8 Sy is bereid om deel te wees van haar portuurgroep en saam met hulle in 'n band te wees.
- 21.9 21.9.1 – verbaas.
- 21.10 Hannes is smoorverlief op Fleur, “die liefde van sy lewe.”
- 21.11 Eie antwoorde, maar heel waarskynlik 21.11.1 of 21.11.3

Hoofstuk 22

- 22.1 Meneer Volschenk is nie regtig met verlof nie.
- 22.2 Daar is 'n ondersoek aan die gang en die aantygings teen die hoof moet eers ondersoek word voordat hy kan terugkeer.
- 22.3 Meneer Volschenk het Thomas van poging tot moord en vandalisme beskuldig.
- 22.4 Meneer Volschenk het 'n verklaring gemaak dat alle bewyse (op die tydstip toe hy Thomas in die aantrekkamer aangetref het) daarop gedui het dat Thomas skuldig was en die onderwysdepartement het dit aanvaar.
- 22.5 “handlanger”
- 22.6 Thomas se pa sê hy gaan meneer Volschenk uit die kusings probeer lig.
- 22.7 Kinders is soms skaam vir hulle ouers.
- 22.8 Eie antwoorde. Heel waarskynlik is dit 'n verbetering. Dit is meer samehangend en meer van toepassing op tieners.
- 22.9 Net soos in die liedjie is Thomas nou besig om Alex se hart terug te wen.

Ruimte en tyd

1. Die skool speel 'n groot rol in Thomas-hulle se lewe. Dit is nie altyd 'n positiewe ruimte vir Thomas nie; dit is waar Billy Fourie met hom skoor soek en ook sy bouse planne ten uitvoer bring. Dit is ook die plek waar die skoolhoof gedurig sy mes vir Thomas in het en waar hy strafwerk moet doen. Die skool is ook die plek waar Thomas se meisie, Alex, deur Billy met 'n mes aangehou word en Thomas se rugby-afrigter, meeneer Du Toit, deur Billy aangeval word. 'n Positiewe konnotasie met die skool is dat dit die plek is waar die band oefen en waar Thomas tyd saam met Alex kan bestee. Thomas se huis is 'n ruimte waar hy veilig en geborge voel, waarheen hy gaan as hy in nood verkeer en weet hy sal ondersteuning vind.
2. Die skool is definitief nie vir Thomas 'n lekker plek om te wees nie, want hy sê dit laat die Pollsmoor-tronk so lekker lyk soos Hartenbos in Desember. Die skool is dus vir Thomas veel erger as 'n maksimumsekuriteit-gevangenis. Thomas sê openlik dat hy skool haat en dat dit meestal 'n mors van tyd is.
3. Die skoolsaal hou meestal negatiewe konnotasies vir Thomas in. Dit is die plek waar hulle saalperiode het en hy hom so vervies en verveel dat hy lekkers sit en eet. Dit is ook die plek waar Thomas en Billy Fourie slaags raak met mekaar en waar Thomas vir Alex van Billy se mes moet gaan red. Die positiewe ervaring van die skoolsaal hou verband met die band. Dit is die plek waar die band oefen en ook deelneem aan die Radikale Rockfees, waar die skare hande klap, voete stamp en fluit. Dit is uiteindelik ook die plek waar Thomas en Alex in die vleuels liefderik langs mekaar staan nadat hulle opgemaak het.
4. Die verhaal speel in die bestek van drie weke af. Reg aan die begin van die verhaal, wanneer Thomas die straf kry om die saal te verf, sê die hoof vir hom dat die saal reg moet wees vir die Radikale Rockfees wat oor drie weke daar gehou gaan word. Die verhaal eindig met die aand van die Rockfees.
5. Nee. Daar word net berig oor die dae waarop belangrike gebeurtenisse plaasvind; gebeure wat met die storielyn verband hou. Gebeure wat nie die storielyn aanhulp nie, word uitgelaat. Daar vind dus seleksie plaas.

Verteller en fokalisator

1. Hier word gebruik gemaak van 'n interne of 'n beperkte/onomnieme derdepersoonsverteller. Die leser het insae in Thomas se gedagtes en gevoelens, maar nie in sy vriende s'n nie.
2. Die verteller is geloofwaardig omdat die verhaal juis vanuit Thomas se oogpunt vertel word.
3. Deur Thomas s'n.
4. Beslis. Dink byvoorbeeld daaraan as Louisa of meneer Volschenk die fokalisator was. Dit sou 'n heel ander storie gewees het. Die boek sou ook dan nie so relevant vir jonger lesers gewees het nie.

Intrige/Plot

1. Eie antwoorde. Ja, ons leer die karakters ken wanneer hulle afsonderlik vir Thomas probeer verduidelik hoekom die band sonder hom begin is. Spanning word geleidelik opgebou elke keer as Billy met 'n nuwe bose plan vorendag kom en die leser beseft dat hy nie gaan ophou voordat Thomas waarlik "betaal" het vir daardie verfstreep op die T-hemp nie.
2. Waar Billy vir Alex met 'n mes teen haar keel aanhou, nadat hy meneer Du Toit aangeval het. Wat dink die leerders?
3. Ja, as Billy nie vir Thomas so gehaat het nie, sou hy nie probeer het om die Hectic Hamburgers te kelder nie, sou hy nie steelfoto's geneem het nie, sou Alex nie met Thomas uitgemaak het nie en sou hy nie sy mes gebruik het nie. Die hele verhaal is gebou om Billy se haat en daarsonder sou daar geen spanningslyn wees nie.
4. Meneer Volschenk is streng en dit wil voorkom asof hy onregverdig en bevooroordeel teenoor Thomas is. Dat hy 'n vete teen Thomas het, word duidelik wanneer hy Thomas van moord beskuldig, sonder dat hy na Thomas wil luister. Dit het 'n uitwerking op die verhaal, want dit bring Thomas in die skoolsaal waar Billy weer op die voorgrond tree. Belangrik vir die verhaal is die feit dat die straf wat Thomas van meneer Volschenk gekry het, hom indirek in staat gestel het om Alex se lewe te red.

Karakters (makliker vrae)

1. Thomas
2. Hannes, Alex, Lukas, Louisa en Thabo. Selfs Fleur Vermaak word vriende met Thomas en sy vriendeking.
3. Billy Fourie, Piet Senekal, die Marais-tweeling en meneer Volschenk.
4. Hy het kort swart hare en blou oë. Hy hou van sport en is dus atleties gebou.
5. Hy is mal oor sport, rekenaars en Alex! Hy is nie dom nie, maar hy is ook nie altyd lus om sy huiswerk te doen nie. Hy is lief vir lekker kos, veral vir pizza. Hy hou van sy solderkamer, want dit is lekker privaat. Volgens Alex en sy pa wil hy graag in die kollig wees en is hy geneig om veral vir Hannes dit nie te gun nie. Hy kry homself maklik jammer en kan dikwels nie die goeie dinge in sy lewe raaksien nie. Hy kan egter onverskrokke wees en die mense vir wie hy lief is ten alle koste beskerm. Hy kan kophou in gevaarlike omstandighede. Thomas het beslis ook 'n sin vir humor.
6. Louisa is sy stiefma. Hy sê altyd sy maak lekker kos en hulle kom goed oor die weg. In *thomas@rock-ster.net* is dit asof hulle verhouding nog meer diepte kry. Louisa wys hoe lief sy vir Thomas is en hoeveel sy vir hom omgee die aand van die aanval op meneer Du Toit. Sy hou Thomas styf vas en kalmeer hom. Louisa gee ook altyd vir Thomas goeie raad.

Karakters (moeiliker vrae)

1. Ja, Thomas.
2. Die hoofantagonis is Billy Fourie, hoewel Piet Senekal en meneer Volschenk ook as antagoniste gesien kan word.
3. Thomas word veral deur dialoog en handeling gekarakteriseer. Sy verhouding met sy vriende en Alex is ook beeldend van sy karakter.
4. Ons sien meneer Volschenk deur veral Thomas se oë en ook deur sy optrede/handeling en dialoog.
5. Eie antwoorde. Die karakters is geloofwaardig juis omdat hulle, soos die lesers, tieners is. Die lesers kan met die karakters identifiseer omdat die karakters dieselfde dinge as die

lesers ervaar: uitsluiting, samesyn, wankelrige liefdesverhoudings, probleme by die skool, dalk ook geweld by die skool, vrees om met ouers te praat aan die een kant en openlikheid aan die ander kant, ens.

6. Eie antwoorde.
7. Eie antwoorde. Van die karakters kan as stereotipes beskou word en dit kan die verhaal swakker maak. Dink hier byvoorbeeld aan meneer Volschenk en selfs Piet Senekal. Fleur Vermaak skyn die stereotipiese blondine te wees met haar kort rompies en uitlokkende geaardheid. Thomas het haar aanvanklik ook as 'n Barbie gesien, maar het agtergekom sy is meer volwasse, weet wat in die nuus aangaan en lees heelwat.

Tema, motiewe en simbole

1. Jeugliefde, geweld, tegnologie (selfone en rekenaars) en vriendskap kan almal as belangrike motiewe in die boek beskou word. Leerders moet net hul antwoord kan rugsteun en verduidelik.
2. Eie antwoorde. Is die selfoon dalk 'n simbool van tegnologie? En Billy Fourie met sy mes kan dalk as 'n simbool van geweld in Suid-Afrikaanse skole beskou word. Dink daaroor.
3. Die stryd vir 'n tienerseun om groot te word te midde van jaloesie, geweld, groeiende tegnologie, jeugliefdes, uitsluiting en onbegrip van volwassenes.
4. Ja, hy hou van sport, rekenaarspeletjies en pizza. Hy is verlief en ervaar probleme as gevolg van misverstande. Hy voel aanvanklik uitgesluit uit sy vriendekring, maar besef later hoe nodig hy hulle het. Hy hou ook glad nie van skool nie en dink dit is 'n mors van tyd.

Taalgebruik

1. Eie antwoorde. Thomas en sy vriende se taalgebruik is geloofwaardig. Dit is hoe tieners deesdae praat. Dit kan dalk in die toekoms as verouderd beskou word, aangesien daar gedurig groei in 'n taal is. Daar word aanhoudend nuwe woorde en frases in 'n taal uitgedink, dink byvoorbeeld aan Hannes wat Thomas gedurig "my blaar" noem.

2. Eie antwoorde. In die geval van 'n boek kan dit uiters funksioneel wees wanneer Engelse woorde tydens Afrikaanse dialoog gebruik word, veral wanneer dit tieners is wat praat. Dit is 'n middel wat die skrywer aanwend om die karakters te karakteriseer.
3. Die taal van rekenaars, selfone en die internet kan as jargon gesien word.

13. Resensies van *thomas@rock-ster.net*

Gee 'n tienerseun sy eie medisyne!

Die Burger 2011-10-16

Stel jou voor: 'n Natgeswete tienerseun kom tuis. Hy gooi sy baadjie en toksak neer, skakel sy rekenaar aan op Facebook, kyk na MXit op sy foon terwyl hy na die yskas loop en terselfdertyd luister na die iPod in sy bosak.

Sy dag is vol. Tussendeur sal hy dalk nog deur 'n tydskrif blaai, in die verbygaan na die koerant se sportblad kyk, dalk selfs 'n boek optel en begin lees. Maar sal hy aanhou lees?

Dis wat ek wonder toe vyf uiteenlopende jeugboeke gemik op seuns voor my op my lessenaar lê. Twee is vertalings; die een van 'n bekroonde Vlaamse werk, die ander die immergroen Astrid Lindgren. Die derde is 'n heruitgawe van 'n klassieke jeugboek en die laaste twee moderne jeugverhale. Van al die boeke staan een kop en skouers uit.

Thomas@rock-ster.net is Carina Diedericks-Hugo se nuutste in haar *thomas@*-reeks – en die hoogtepunt. Die boek spel Generasie Y

met hoofletters. Die taal is hip, sonder om aangeplak of oordadig voor te kom. (En dit wil gedoen wees.) Boonop wemel dit van nuwe tegnologie en sosialemediaterme en is die boek ook hoogs interaktief.

Deur middel van QR-kodes kan jy byvoorbeeld 'n app (sagteware) op jou foon aflaai om saam met Thomas na aanlynfoto's en -video's te kyk of -klankgrepe te luister. Jy kan ook Thomas en sy nefie Simon se gesprek op MXit volg, Thomas en sy vriend Thabo se gunsteling-videospeletjie aanlyn speel of die fiktiewe Radikale Rockfees se webblad besoek waar jy onder meer jou eie musiek kan meng. Boonop is die intrige boeiend.

Dit klink amper te goed om waar te wees, maar hier is nou 'n boek wat die brug na al die belangstellings van 'n tienerseun vandag suksesvol en innoverend kruis. En wat sy aandag sal trek, en hou. – **Rudolf Stehle, 'n lid van *Die Burger* se webredaksie**

14. Praat- en skryfaktiwiteite

14.1 Skryf

1. Skryf 'n vriendskaplike brief
 - Op bl. 87 skryf Thomas 'n briefie aan Alex.
 - Verbeel jou jy is Thomas en jy skryf daardie brief aan Alex. Verbeel jou ook Alex is op die oomblik op 'n ander dorp en jy gaan die brief aan haar pos.
 - Probeer om die brief so getrou as moontlik aan die gebeure in die storie te maak.
 - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, formaat, trant, spelling en punktuasie.
 - Skryf dan jou brief netjies oor.
 - Die volgende assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou brief te assesseer:

ASSESSERINGSRUBRIEK: Vriendskaplike brief

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant?	5	4	3	2	1
2.	Inleiding en slot: Is die inleiding treffend en sluit die slot sinvol daarby aan?	5	4	3	2	1
3.	Formaat: Is die adres, aanhef en slot korrek? Is paragrawe sinvol gebruik?	5	4	3	2	1
4.	Taal, styl en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik? Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

2. Skryf 'n dagboekinskrywing/blog-inskrywing
- Werk op jou eie en skryf 'n dagboek/blog-inskrywing.
 - Kies enige van die karakters in die boek en skryf dit vanuit daardie karakter se perspektief.
 - Die inskrywing kan op enige tydstip in die verhaal gemaak word, maar moet net oor die gebeure van een dag wees.
 - Die feite van wat daardie dag gebeur het, moet daar wees, maar dit is nie die fokus van die inskrywing nie. Die fokus is op hoe die karakter oor die gebeure voel.
 - Onthou om 'n datum boaan jou inskrywing te hê.
 - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, spelling en punktuasie.
 - Skryf dan jou inskrywing netjies oor en dui aan of jy 'n dagboek- of blog-inskrywing geskryf het.
 - Die volgende assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou inskrywing te assesseer:

ASSESSERINGSRUBRIEK: Dagboekinskrywing/blog-inskrywing

	KRITERIA	PUNT				
		5	4	3	2	1
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant? Is daar 'n sterk persoonlike/ emosionele respons en nie net bloot die opteken van gebeure nie?	5	4	3	2	1
2.	Styl, toon en register: Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser? Oortuig dit as die karakter uit wie se perspektief geskryf word?	5	4	3	2	1
3.	Formaat: Is daar 'n datum boaan die inskrywing? Is paragrawe sinvol en met afwisseling gebruik?	5	4	3	2	1
4.	Taal en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek en interessant gebruik en afgewissel?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

3. Skryf 'n koerantberig
- Werk op jou eie en skryf 'n koerantberig.
 - Die opskrif van jou berig is: GYSELAARSDRAMA, GRAAD 9-LEERDER RED VRIENDIN. Onthou om die vyf “W’s” in jou eerste paragraaf te hê: Wie? Wat? Waar? Wanneer? en Waarom?
 - Die res van die berig moet verdere besonderhede uit die boek in dalende volgorde van belangrikheid bevat.
 - Maak jou berig interessant deur 'n aanhaling van byvoorbeeld Thomas, Billy of 'n lid van die polisie in te sluit.
 - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan spelling, struktuur en punktuasie.
 - Ruil jou rofwerk met 'n maat en maak aan mekaar redigeringsvoorstelle om die berigte te verbeter.
 - Skryf dan jou berig netjies in twee kolomme oor.
 - Die volgende assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou berig te assesseer:

ASSESSERINGSRUBRIEK: Koerantberig

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite? Gee die berig die nodige inligting?	5	4	3	2	1
2.	Inleiding en ontwikkeling: Bevat die inleiding die 5 W's? Is die nodige en interessantste feite in dalende volgorde gerangskik?	5	4	3	2	1
3.	Formaat en styl: Is die berig in twee kolomme met 'n groot opskrif? Is die styl, toon en register gepas en formeel genoeg vir 'n koerantberig?	5	4	3	2	1
4.	Taal en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

14.2 PRAAT

1. Doen 'n dialoog/rolspel
 - Werk in groepe van twee.
 - Berei 'n dialoog voor.
 - Die karakters in die dialoog is 'n verslaggewer wat met Thomas of Alex of Thabo of meneer Volschenk praat. (Meneer Volschenk sal net oor die aanval op meneer Du Toit kan praat.)
 - Die tyd wanneer die gesprek plaasvind, is die oggend nadat die gyselaarsdrama hom by Thomas se skool afgespeel het en meneer Du Toit deur Billy aangeval is.
 - Die verslaggewer moet feite oor die gebeure uitvind en hoe die karakters gevoel het.
 - Oefen die dialoog en gee veral aandag aan hoorbaarheid, vlotheid en geloofwaardige karakteruitbeelding.
 - Lewer die dialoog.
 - Die volgende assesseringsrubriek gaan gebruik word om julle gesprek te assesseer:

ASSESSERINGSRUBRIEK: Gesprek/rolspel

KRITERIA		PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite en geloofwaardige veronderstellings? Is 'n emosionele respons ook teenwoordig?	5	4	3	2	1
2.	Bou: Het die gesprek 'n goeie begin, sinvolle ontwikkeling en duidelike einde?	5	4	3	2	1
3.	Verband met teks: Is daar 'n duidelike verband met <i>thomas@rock-ster.net</i> ? Is die karakters oortuigend en strook die uitbeelding met gegewens in die teks?	5	4	3	2	1
4.	Aanbieding: Is dialoog duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die gesprek vlot?	5	4	3	2	1

5.	Spanwerk: Is goeie spanwerk in die voorbereiding en lewering duidelik? Reageer sprekers sinvol op mekaar?	5	4	3	2	1
6.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 30					

2. Hou 'n klasbespreking

- Bespreek moontlike antwoorde op die volgende vrae:
- Aan watter ander boek/rolprent/TV-program laat *thomas@rock-ster.net* jou dink? Wat is die ooreenkomste?
- Watter akteurs dink jy sal die beste wees om die rolle van die hoofkarakters te vertolk? Wat maak hulle geskik?
- Wat dink jy is Billy se agtergrond? Hoe was sy kinderjare tot nou? Waar dink jy het dinge vir hom begin verkeerd loop?
- Hoe kon meneer Du Toit dalk gehelp het dat Billy nie so 'n wrok teenoor Thomas gekoester het nie?
- Watter aspekte sou jy aan die boek verander het? Sou jy dalk meer van sekere dinge en minder van ander dinge wou hoor?
- Hoe verteenwoordigend dink jy is die karakters in die boek? Is daar in die werklike lewe mense soos die hoofkarakters?
- Wat sou jy kon sê om mense te oortuig dat meneer Vol-schenk en Billy Fourie redes het hoekom hulle optree soos hulle doen? Watter goeie eienskappe het hulle moontlik?
- Aan watter groep sou Thomas en sy vriende in julle skool behoort het? Sou hulle deel van die gewilde, ongewilde, eks-klusiewe, sportiewe, ens. groep wees? Hoekom dink jy is daar "groepe" in hoërskole?
- Dink jy dat informele, gemengde en SMS-taal oral gebruik moet word? Sal sulke taalgebruik in alle situasies werk? Wat is die moontlike redes vir gestandaardiseerde taalgebruik?

- Hoe sou die storie moontlik in 'n ander volgorde vertel kon word? Waar sou dit kon begin en hoe sal die res van die gebeure dan daarop volg? Watter effek sal so 'n verandering kon hê?

Voor die klasbespreking begin, moet jy eers drie vrae kies en 'n paar gedagtes daarvoor neerskryf.

- Jou opvoeder sal die bespreking lei en vir jou die geleentheid gee om te sê wat jy dink.
- Onthou om goed te luister na ander leerders en om te wag tot die opvoeder vir jou geleentheid gee om jou mening te lug.
- Wees sensitief vir ander se regte en gevoelens.
- Indien jy nie met iets saamstem nie, probeer om ander op 'n diplomatese, sensitiewe manier van jou standpunt te oortuig.

3. Voorbereide toespraak

- Kies 'n onderwerp uit *thomas@rock-ster.net* waaroor jy kan navorsing doen.
- Berei 'n voorbereide toespraak voor waarin jy inligting oor die onderwerp met jou klasmaats kom deel.
- Jy kan jou eie onderwerp kies, maar hier is 'n paar voorstelle: Die profiel van 'n jeugmisdadiger. Die verskil tussen staat- en private skole. Geweld in Suid-Afrikaanse skole. Tienerbands in Suid-Afrika. Hoe bands en ander bedrywighede tieners konstruktief besig kan hou.
- Maak seker jy het 'n interessante inleiding en slot.
- Die liggaam van jou toespraak moet drie hoofdele hê.
- Oefen jou toespraak goed by die huis, sodat jy oogkontak kan maak. Wanneer jy praat, moet dit hard en duidelik en nie te vinnig of te stadig wees nie.
- Lewer jou toespraak.
- Die volgende assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou toespraak te assesseer:

ASSESSERINGSRUBRIEK: Voorbereide toespraak

KRITERIA		PUNT				
1.	Inleiding en slot: Is die inleiding en slot treffend en maak dit 'n impak?	5	4	3	2	1
2.	Bou: Het die toespraak drie duidelike hoofdele? Volg al die dele logies op mekaar en is daar duidelike samehang?	5	4	3	2	1
3.	Navorsing: Is dit duidelik dat bronne geraadpleeg is? Bevat die toespraak bewyse van navorsing soos statistiek, aanhalings of verwysings na bronne?	5	4	3	2	1
4.	Aanbieding: Is die toespraak duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die toespraak vlot?	5	4	3	2	1
5.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig? Word die korrekte terminologie gebruik?	5	4	3	2	1
6.	Algemene indruk: Het die toespraak in sy doel geslaag? Is die keuse en hantering van die onderwerp geskik en gepas vir die teikengroep?	5	4	3	2	1
TOTAAL uit 30						